# Afrikaanse Protestantse Kerk

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## Handelinge van die
## 1e Sinode te
## Constantia Minerale Bron

Vanaf 2 - 6 November 1987

HANDELINGE VAN DIE EERSTE

SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

2 - 6 NOVEMBER 1987

| INHOUDSOPGAWE | ITEMNOMMER | BLADSY |
|---|---|---|
| AFKONDIGINGS | 71 | 11, 41, 46, [illegible],55 |
| AFSLUITING | 123 | 70 |
| ANDERSKLEURIGES BY SPESIALE DIENSTE | | 64 |
| BURGEMEESTERSBESOEK | | 13, 33 |
| BYBELGENOOTSKAP- beskrywingspunt | | 66 |
| BYBELVERTALING : Kategeseboeke | | 47 |
| : Versoek Hoeveldrif | | 51 |
| DANKBETUIGINGS AAN : | | |
| KVK | | 20,31 |
| Personeel | | 31 |
| Voorsitter van KVK | | 31 |
| Ampsdraers van Sinode en almal betrokke by sitting | 122 | 70 |
| FEESTE 1988 - mosie | | 45 |
| GEHEIME ORGANISASIES EN AMPSDRAERS | | 49 |
| GELUKWENSE MEV LUBBE | | 12 |
| GROETEBOODSKAPPE: | | |
| Fochville en Welverdiend | | 11 |
| NG Bond | - 27 | 22 |
| Orbie v.d. Merwe | | 33 |
| Jansens, AFI Bunrmansdrif, Zeerust, Groot Marico Ventersdorp, BE Marais, LH Nel | | 46 |
| AFI Farow | | 55 |
| HERDERLIKE BRIEF | 87 | 56 |
| INSAMELING VIR AFK | 101 | 41,46,6[illegible] |
| JAARBOEK | 79 | 54,60 |
| KERKBESTUUR | | |
| Wenke | | 39 |
| Voorstelle: Samestelling | 73,78 | 50,53 |
| Naam | 76 | 51,53 |
| KERKE EN GEBOUE DEUR BLANKES SKOONGEMAAK | 87 | 54 |

| | | |
|---|---|---|
| KERKLIKE EIENDOM - MAGTE VAN KERKRAAD | | 63 |
| KLEREDRAG | 14,22 | 3,12 |
| KONSEPKERKORDE | 8 | 2 |
| KONSTITUERING | 3,21 | 1,11,25,35,39 |
| KURATORIUM | 96 | 61 |
| LERAARS - GESPREKKE MET | 93 | 59 |
| MEDELYE - MOSIES | | |
| I v m soldate | | 12 |
| Vader van br. A vd Westhuizen | | 23 |
| Swaer van br. Kruger | | 61 |
| NAAM VAN KERK | 25 | 13,14,39 |
| NAGMAALSVIERING | 40 | 32 |
| NOTULE : | | |
| Hantering van | | 11 |
| Goedkeuring van | 34B,67,86 | 26,39,45,56 |
| OPENING : | | |
| Amptelike | 19 | 10,27 |
| Ander | 1,20,41,56,81 | 1,11,33,41,54 |
| ORDEREELS | 6 | 2 |
| PERS : | | |
| Mosie | | 23-24 |
| REVISIE | | 41 |
| RING | | |
| Groepering | 90 | 59,60 |
| Sittings 1988 | | 65 |
| SHANGRILA VAKANSIEOORD | 94 | 60-61 |
| SINODEBESLUITE N.G. KERK SWA | 92 | 59 |
| SINODESITTING 1988 | | 65 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| SITTINGSDAE : | | | |
| Eerste | | | 1 |
| Tweede | | | 11 |
| Aandsitting | | | 29 |
| Derde | | | 33 |
| Aandsitting | | | 38 |
| Vierde | | | 41 |
| Middagsitting | | | 46 |
| Aandsitting | | | 48 |
| Vyfde | | | 54 |
| Middagsitting | | | 62 |
| SITTINGSREES | | 7 | 2 |
| SKENKINGS: | | | |
| Voorsittershamer | | | 12 4 |
| Pierre Moll Maatskappy | | | 41 |
| WJ Wolvaardt | | | 42 |
| JF Jordaan | | 82 | 54 |
| AP Vorster - boedelbemaking | | | 18 |
| K Steenkamp - grondskenking | | | 19,27 |
| TYDELIKE KOMMISSIES | | 5 | 1-2 |
| Voorstelle ivm werksaamhede | | 16 | 4 |
| Vorm van verslae | | | 11,34 |
| Werk - voortsetting in permanente kommissies | | 44 | 34 |
| Reeling ivm verslae | | 102 | 63 |
| Verslae | | | |
| ALGEMENE AKTUELE SAKE | 1e | 50 | 36-37 |
| | 2e | 104 | 64 |
| BEDIENING EN EVANGELISASIE | 1e | 38 | 29 |
| | 2e | 118 | 68 |
| ARGIEF EN ADMINISTRASIE | 1e | 59 | 43 |
| | 2e | 60 | 43 |
| BARMHARTIGHEIDSDIENS | 1e | 48 | 36 |
| | 2e | 112 | 66 |
| BEJAARDESORG | 1e | 62 | 44 |
| | 2e | 63 | 44 |
| | 3e | 121 | 69 |
| BYBELVERTALING | 1e | 68 | 46 |
| | 2e | 69 | 46 |
| FINANSIES EN BEGROTING | 1e | 30 | 22 |
| | 2e, 3e, en 4e | 103 | 63 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| FORMULIERE | | 115 | 66 |
| FOTO'S EN LITERATUUR-UITSTALLING | | 29,34A | 22,26 |
| | 2e | 120 | 69 |
| INTERKERKLIKE VERHOUDINGE EN EMBLEEM | 1e | 61A | 43 |
| | 2e | 61B | 43 |
| JEUG, HUWELIK EN GESINSLEWE | 1e | 74 | 50 |
| | 2e | 75 | 50 |
| | 3e | 117 | 68 |
| KA[illegible]AANSDIENSTE | 1e | 36 | 27 |
| ATEGESEBOEKE | | | |
| Redaksiekomitee | | 31 | 23 |
| | 1e | 116 | 67 |
| RKLEER EN BELEID | 1e | 70A | 48 |
| | 2e | 70B | 48 |
| | 3e | 72 | 49 |
| RKLIKE VESTIGING, KERKOPBOU EN RINGSINDELING | 1e | 52 | 37 |
| | 3e | 89 | 57 |
| RKMUSIEK EN KERKSANG | 1e | 45 | 34-35 |
| | 2e | 105 | 64 |
| MIT[illegible] VIR KERKSTIGTING | | 13,25,35 | 3,13,27 |
| ORHANDIGING DEUR EN ONT-INDING VAN KVK | | 39 | 29 |
| | | 17 | 4-10 |
| MISSIE VIR KOMMISSIES | | 28A | 22 |
| VOORGESTELDE PERMANENTE KOMMISSIE | | 76 | 51 |
| | | 85 | 56 |
| TURGIE | 1e | 51 | 37 |
| ERWYS EN OPVOEDING | 1e | 37 | 28 |
| | 2e | 106 | 64 |
| SKAKELING | 1e | 64 | 44 |
| | 2e | 65 | 44 |
| | 3e | 109 | 65 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| PUBLIKASIES – | | | |
| Kerklik en [illegible] | 1e | 49 | 36 |
| | 2e | 119 | 69 |
| RADIO EN TELEVISIE | | | |
| SKAKELING | 1e | 53,114 | 38,39,66 |
| | 2e | 114 | 66 |
| | 3e | 114 | |
| REGTE | 1e | 33 | 24-25 |
| | 2e | 55 | 39.42 |
| | 3e | 88 | 56 |
| | 4e | 97 | 61 |
| | 5e | 98,100 | 62 |
| SENDING | 1e | [illegible] | 35 |
| | 2e | 107 | 65 |
| TEOLOGIESE OPLEIDING | 1e | 15 | 3 |
| | 2e | 77 | 52 |
| VERLOF EN PERSONEELVER- | | | |
| ANDERINGS | | 26,32 | 21,24 |
| | | 42,43 | 34 |
| | | 47 | 35 |
| | | 54 | 38 |
| | | 57 | 41 |
| | | 58 | 42 |
| | | 66 | 45 |
| | | 71 | 48 |
| | | 83B | 55 |
| | | 99 | 62 |
| TYDORDEREELINGS | | 12 | 3 |
| VERDAGING | | 123 | 70 |
| VERKIESING : | | | |
| Voorsitter | | 9 | 2 |
| Ondervoorsitter | | 10 | 2 |
| Skriba | | 11,[illegible] | 3,12 |
| Aktuarius | | 24,[illegible]B | 13,21,22 |
| 5 Lede vir SKK | | 84,91A en B | 55, 59, |
| 6 lede vir SKK uit ringe | | | 60 |
| VERSKONINGS | | [illegible] | [illegible] |
| VERWELKOMING | | 2 | 1 |
| VOORWOORD | | | [illegible] |
| VROU IN DIE AMP | | | [illegible] |
| WILLIE LUBBE TEOLOGIESE | | | |
| STUDIEFONDS | | 80.82, | 54 |

BYLAES : 1. PRESENSIELYS
2. OPENINGSREDE PROF WJG LUBBE
3. PREEK VAN DS. CJ SCHEUER

## VOORWOORD

1. Die aard van die omstandighede wat luid geroep het om die geboorte van 'n gereformeerde kerk van Christus onder die blanke Afrikaners, was so dringend dat die Agenda en beskrywingspunte vir die eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk nie in boekvorm gebundel kon word nie.

2. Daarbenewens het die kerk ook nog geen permanente kommissies gehad wat vooraf kon begin oor die werksaamhede van die kerk en weloorwoë verslae aan die Sinode kon voorlê nie.

3. Die geweldige groei van die kerk wat net as 'n wonder van God beskryf kan word, geskied teen so 'n tempo dat vele belangrike aangeleenthede as laatstukke voor die Sinode moes dien.

4. In hierdie merkwaardigste verskynsel op kerklike terrein in hierdie eeu, het die Kommissie vir Kerkstigting wat by die stigting van die Kerk op 27 Junie 1987 in die Skilpadsaal in Pretoria aangewys is, lofwaardige aanvoorwerk verrig en met minimum middele en werkkragte [illegible] ordelik beheer. Daarvoor die lede van die KVK sal die Kerk altyd dankbaar bly.

5. Met hierdie werklikhede in ag geneem het die Dagbestuur van die Sentrale Kerklikekommissie besluit dat die notule of handelinge van die Sinode ook nie in boekvorm gebind sal word nie, maar slegs aangebied word in die vorm waarin u dit nou ter hand het.

6. Vir 'n korrekte hantering van die notule het u ook die volgende stukke nodig : (Afgevaardigdes het die stukke reeds voor of tydens die Sinodesitting ontvang)

6.1 Agenda, met daarby aangeheg :

6.1.1. Ordereëls vir Kerklike Vergaderings
6.1.2 Konsepkerkorde.
6.1.3 Verslag van die Kommissie vir die [illegible] van Teologiese Opleiding vir die APK.
6.1.4 Die verslag van die samesteller van die [illegible] kommissie vir die opstel van Kategeseboekie.

6.2 Beskrywingspunte Deel 1 en Deel 2.

6.3 Verslae van die KVK en die Tydelike Kommissies.

6.4 Die gewysigde Kerkorde, met Ordereëls en Beslissings soos gepubliseer deur die SKK.

Indien u enige van verslae van die tydelike kommissies benodig, kan dit van die Kerkkantoor aangevra word.

7. Om die omvang van hierdie Notule te beperk, en om duplisering te vermy is die besluite van die Sinode meestal slegs aangedui met verwysing na die betrokke punt of aanbeveling van elke verslag wat behandel is, sonder om die punt of aanbeveling weer volledig aan te haal.

8. As gevolg van die feit dat die agenda en gepaardgaande stukke nie in boekvorm gebind is met deurlopende numering nie, is dit byna 'n onbegonne taak om 'n volledige sakeregister saam te stel, en is volstaan met 'n redelik volledige inhoudsopgawe van sake wat in die notule voorkom, in alfabetiese orde.

Ek vertrou dat u dit so as 'n werkbare dokument sal vind.

MC ADENDORFF
Skriba van die Sinode

9 Desember 1987

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

NOTULE VAN DIE EERSTE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING TE CONSTANTIA MINERALE BRON, DIST. NABOOMSPRUIT OP 2 NOVEMBER 1987 E.V.D.

EERSTE SITTINGSDAG

1. OPENING

Om 16h00 versoek prof. dr. WJG Lubbe, voorsitter van die Kommissie vir Kerkstigting, ds JA Visser om die sinodesitting met Skriflesing en gebed te open.

Ds Visser laat sing Ges. 3[illegible] : 1 en 2, lees 1 Kor. 1:1[illegible] voor en verwys na die nuwe hervorming in die Kerk van Christus hier te lande en spreek die vertroue uit dat die Here die APK sal seën op die hervormingsweg waarna hy in gebed voorgaan en ten slotte Ges. 317 laat sing. Prof. Lubbe bedank hom vir sy optrede.

2. VERWELKOMING

2.1 Op versoek van prof. Lubbe verwelkom ds. WA Jooste namens die gemeentes Naboomspruit, Bosveld, Roedtan en Koedoesrand, binne wie se grense die Sinode vergader, die afgevaardigdes.

2.2 Prof Lubbe bedank ds Jooste en die gemeentes vir die reëlings ivm die heilige Nagmaal wat op Dinsdagaand om 19h00 deur die afgevaardigdes gevier word.

2.3 Prof Lubbe verwelkom daarna alle afgevaardigdes, administratiewe personeel onder leiding van mev E Rautenbach, ds FAH van Staden, die pers, radio en TV.

3. KONSTITUERING

Ds MC Adendorff, sameroeper vir die Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe doen vervolgens verslag van die registrasie van afgevaardigdes. Die versoek van die gemeente Randfontein dat 'n lidmaat van die gemeente saam met die afgevaardigde ouderling sitting mag neem, word goedgekeur.

4. VERSKONINGS

Verskonings is aanvaar vir prof PFD Weiss, ds. J Engelbrecht, mnr Velskoen van Rensburg en mnr J Joubert.

5. TYDELIKE KOMMISSIES

Prof Lubbe versoek dat die Tydelike Kommissies soos volg aangevul word:

7. Evangelisasie word Ampsbediening en Evangelisasie

8. Liturgie word Liturgie en Vorms

12. Jeug word Jeug en Huwelik- en Gesinslewe
15. Kerkleer word Kerkleer en -Beleid met oudl. FWA Danzfuss as sameroeper in die plek van ds J Engelbrecht
21. Beplanning van Kerkvestiging en -opbou bygevoeg Ringsindeling

23. Argief word Argief en Administrasie
28. Verlof : KVK-lid Manie Bester word as sameroeper benoem.

Die volgende Tydelike Kommissies word bygevoeg:

29. Gemeentestatistiek: Sameroeper KVK-lid Johan Olivier en oudl. P[illegible]sbroek en Bekker van Der [illegible].

30. Algemene Sake :
Sameroeper oudl. W van der Ryst - Derby

31. Bybelvertaling : Sameroeper ds HCG Robbertze

6. ORDEREëLS VIR KERKLIKE VERGADERINGS

6.1 Voorlopig goedgekeur

6.2 Punt 13 word op versoek van prof Lubbe goedgekeur met die byvoeging vir hierdie sitting dat spreekbeurte tot 3 min beperk word en 4 min vir voorstellers van voorstelle.

6.3 Die Ordereëls word na die Kommissie vir Regte verwys vir verslag en aanbeveling.

7. SITTINGSREG

Goedgekeur volgens Agenda.

8. KONSEPKERKORDE

8.1 Op versoek van prof Lubbe is artikel 41 voorlopig goedgekeur ten einde die Sinode in staat te stel om die ampte van voorsitter, onder-voorsitter, skriba hulpskriba en aktuarius te kies.

8.2 Die Konsepkerkorde word na die Kommissie vir Regte verwys vir verslag en aanbeveling.

9. VERKIESING VAN VOORSITTER

Uit die volgende groslys, te wete prof A Swart, ds E Friis, ds MC Adendorff, ds JA Theron en prof WJG Lubbe is prof Lubbe met die eerste stemming verkies.

10. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER

Uit die volgende groslys te wete. ds AS van Staden, ds OJ Scheuer, ds E Friis, ds HCG Robbertze, ds JA Theron, ds A Boshoff, ds MC Adendorff, dr WA Burger en prof A Swart is prof A Swart met die eerste stemming verkies.

11 VERKIESING VAN SKRIBA

11.1 Die vergadering keur goed dat die afgevaardigde wat die tweede meeste stemme verkry as Hulpskriba sal dien.

Die volgende name verskyn op die groslys: Ds AS van Staden JH Theron, HCG Robbertze, E Friis, N Rautenbach, C Snyman, R Schwartz, MC Adendorff, OD Scheuer, JM Rheeder, A Boshoff, dr WA Burger en oudl C de la Rey. Prof PFD Weiss, afwesig en dr FAH van Staden, nie-afgevaardigde se name is van die groslys geskrap.

Na die eerste stemming het geen genomineerde 'n volstrekte meerderheid behaal nie en sal 'n tweede stemming op 3 November volg.

12. TYD:ORDEREëLINGS

12.1 Die volgende is goedgekeur: Verdaging vir ete 18h00, amptelike opening van Sinode om 19h30 in plaas van 19h00 ten einde die susters wat van Rondalia oorkom, geleentheid te bied om betyds te wees en tydelike Kommissies vergader om 20h30 in plaas van 20h00.

12.2 Die agenda vir 3 November word soos volg gewysig : Punt 14 wysig 'gebed' na 'gebede' en punt 15 die tydbepaling om 08h15 na 08h20.

13. VERSLAG VAN KOMITEE VIR KERKSTIGTING

Die Verslag staan tydelik oor in afwagting van die uitdeling daarvan aan die afgevaardigdes.

14. KLEREDRAG TYDENS HUIDIGE SITTING

Staan oor tot 3 November vir besluit.

15. VERSLAG AD HOC-KOMITEE (deur KVK aangewys) OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Verslag word namens die Ad Hoc-Komitee puntsgewys deur die voorsitter, ds A Boshoff voorgedra. Alle voorstelle en wysigings word terugverwys na die Kommissie vir oorweging, verslag en aanbevelings.

Dit sluit in:

2.1.1 Hersiening om voorsiening te maak vir studente wat nie lidmate van APK is nie.

2.1.3 Voeg by Duits

2.1.4 Ekonomie en Rekeningkunde as verpligte vakke.

2.1.6 Voeg by: Opvoedkunde en Bybelkunde

2.1.8 Verwys vir beplanning

2.2.2 Geloofslewe - geroepenheid

2.3.2 Koste 'vir periodieke seamtrek' aandag gee.

3.1 Voeg by Onderrigkunde (Didaktiek)
3.5 Voeg by 'Praktiese werk soos deur Kuratorium goedgekeur'
9.6 Kommissie moet ontleding van bedrag voorlê.

16. VOORSTELLE I/S KOMMISSIEWERKSAAMHEDE

Die volgende voorstelle word deur die Sinode goedgekeur:

16.1 Die Sinode keur goed dat Sinodegangers wat nie by 'n tydelike kommissie ingedeel is nie, by een van die kommissies sal inskakel.

Voorsteller : HCG Robbertze
Sekondant : SS Beyers

16.2 Die Sinode benoem ds M Hartzenberg vir die tydelike Regskommissie.

Voorsteller : HCG Robbertze
Sekondant : SS Beyers

16.3 Die Sinode besluit dat alle sake wat finansies raak, na die Tydelike Kommissie vir Begroting verwys word wat uiteindelik 'n volledige verslag van alle finansiële sake aan die Sinode voordra.

Voorsteller : LD Pienaar
Sekondant : D Drent

17. TYDELIKE KOMMISSIES K.1

17.1 Ds MC Adendorff lees die volgende indeling van afgevaardigdes op Tydelike Kommissies voor. Afgevaardigdes wat nie opgeneem is nie, moet by Kommissies gekoöpteer word. Goedgekeur.

REGTE

1 J A DU PLESSIS
2 P MURRAY
3 A J PIENAAR
4 DS A S VAN JAARSVELD (SAAMROEPER)
5 LM THEUNISSEN
6 H DU PLESSIS
7 J D BRUYN
8 J D MALAN

KATEGESE

1 J BOTHA
2 J J SWART
3 S M DE BRUYN
4 W VAN DYK
5 P W JOOSTE
6 B J WELTHAGEN
7 E SEEFONTEIN
8 D J VISSER
9 F J A DEKKER
10 DR J P BOTHA
11 G J BOSMAN
12 P A VERMEULEN
13 JG TERBLANCHE
14 N OLIVIER
15 I P CLAASSEN
16 L J VISSER
17 DS. O SCHEUER (SAAMROEPER)
18 G J E NEL

BYBELVERTALING

1 J J PRINSLOO
2 MEV M S ROOS
3 DS H G C ROBBERTZE (SAMEROEPER)
4 DS A BOSHOFF
5 J J BRITS
6 BEN ROSSOUW
7 BOET VAN HUYSTEEN
8 DS NICO RAUTENBACH

KERKSANG

1 W E SNYMAN
2 J A E POTGIETER
3 D G VAN DER MERWE
4 DS N RAUTENBACH (sameroeper)
5 F J SWANEPOEL
6 W D CRONJE
7 G J VIKTOR
8 D S SWANEPOEL
9 P COMBRINCK
10 D F BLIGNAUT
11 G C M LUDICK
12 D R SCHOEMAN
13 W J WOLFAARDT
14 S S ROELOFSE

KAPELAANSDIENS

1 J D MALAN
2 G T C VAN ROOYEN
3 DS M HARTZENBERG (SAMEROEPER)
4 P T NIEUWOUDT
5 D J VISSER
6 E F POTGIETER

ONDERWYS/OPVOEDING

1 J J JOUBERT
2 D C HUMAN
3 C H ROUX
4 L J VISSER
5 P J SWART
6 P WAGENER
7 H OLCKERS
8 PROF A SWART (sameroeper)

EVANGELISASIE

1 J C HOLTZHAUSEN
2 W H M KOTZE
3 P R PRETORIUS
4 G J SEVENSTER
5 C J DU PREEZ
6 DS C J PRINS (sameroeper)
7 G D BOLT
8 J F WESSELS
9 P F PIETERSE

LITURGIE

1 D J MULLER
2 J M H GROBLER
3 J J G POTGIETER
4 G E S LEVERSAGE
5 W S P GELDENHUYS
6 DS E FRIIS (sameroeper)
7 C J PIENAAR
8 L D PIENAAR
9 P J L STEYN

SENDING

1 C J VAN HELSDINGEN
2 DS J A VISSER (sameroeper
3 B J WELTHAGEN
4 H PIETERSE
5 J N DE WET

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1 F J DU PREEZ
2 D R SCHOEMAN
3 B PRINS
4 T F H JANSE VAN RENSBURG
5 W J WOLFAARDT
6 L VAN VUUREN
7 C J MATTHEE
8 J M FOURIE
9 H BEESLAAR
10 J M BADENHORST
11 L J KROUWKAMP
12 W S P GELDENHUYS
13 DS C J S BOTHA (sameroeper)

KOMMISSIES VAN KOMMISSIES

1 DS L D PIENAAR
2 DS M C ADENDORFF

JEUG

1 A CELLIERS
2 P P A HAYWARD
3 G S MARE
4 C G VOSLOO
5 J M DE BEER
6 J G OLIVIER
7 A J JANSE VAN RENSBURG
8 S F VERMEULEN
9 G B MULLER
10 B J KRUGER
11 DS L H JACOBS
12 DS A P VILJOEN (sameroeper)
13 C J SNYMAN

TEOLOGIESE OPLEIDING

1 A E VAN DEN BERG
2 O T VAN NIEKERK
3 E FRIIS
4 W M VAN HEERDEN
5 DS A BOSHOFF (sameroeper)
6 W J PRETORIUS
7 T L FOURIE
8 C OOSTHUIZEN

EN DIE LEDE VAN DIE VORIGE KOMMISSIE

1 PROF W J G LUBBE
2 PROF A SWART
3 DS. M C ADENDORFF
4 DS H C G ROBBERTZE
5 DR W A BURGER

FORMULIERE

1 DR W A BURGER (sameroeper)
2 DS A S VAN JAARSVELD

KERKLEER

1 S M DE BRUYN
2 G F BRAACK
3 F W A DANZFUSS
4 C J PIENAAR
5 M S ROOS
6 P W DE VOS
7 C E J NIEHAUS
8 C C DU PREEZ
9 P E VAN RENSBURG
10 DS J ENGELBRECHT (sameroeper)
11 DR J PRETORIUS

KERKLIKE/GODSDIENSTIGE PUBLIKASIES

1 P T NIEUWOUDT
2 F C ELS
3 A VAN STADEN
4 DS A VAN STADEN (sameroeper)
5 J E SWARTS
6 G T C VAN ROOYEN

AKTUELE SAKE EN ALGEMENE SAKE

1 J C PRETORIUS
2 J W ERASMUS
3 I M VAN ECK
4 G E SMITH
5 C G LUTTIG
6 S J BESTER
7 J S COETZEE
8 DS J A DU PLESSIS (sameroeper)
9 W VAN DER RYST

INTERKERKLIKE VERHOUDINGE

1 F J POTGIETER
2 F KUHNE
3 J W STROEBEL
4 G STASSEN
5 M D JONES
6 D J L SWANEPOEL
7 G E S LEVERSAGE
8 J J C POTGIETER

FINANSIES / BEGROTING

1 H J CLAASEN
2 J J SWART
3 J C CRONJE
4 C M JANEKE
5 S S BEYERS
6 D DE WITT
7 J A DU PLESSIS
8 F H BOLTMAN
9 L D PIENAAR
10 H LAMPBRECHT
11 H J OLIVIER
12 J J P HAASBROEK
13 P J BECKER
14 F W C BUITENDAG
15 M H VAN DER MERWE
16 DS C SNYMAN (sameroeper)
17 D J VENTER
18 J J VAN NIEKERK

BEPLANNING KERKVESTIGING EN -OPBOU EN RINGSINDELING

1 A I WESSELS
2 H TERBLANCHE
3 G UNDERHAY
4 A L ELS
5 E B KRUGER
6 H G RAUTENBACH
7 J DU PLOOY
8 E F POTGIETER
9 DS J THERON (sameroeper)

<u>BEJAARDESORG</u>

1 W VAN DYK
2 J A DU PLESSIS
3 S J VAN DER LITH
4 T L FOURIE
5 DR J D MALAN (sameroeper)

<u>ARGIEF</u>

1 D A MALAN
2 J D VAN DEN HEEVER
3 A H P LOUW
4 J F DE BEER
5 A J LE ROUX
6 DS A E VAN DEN BERG (sameroeper)
7 E ROODT (Elsabe)

<u>FOTO'S EN LITERATUUR UITSTALLING</u>

1 J REITZ
2 H LAMPRECHT
3 DS P STANS (sameroeper)

<u>PERSSKAKELING</u>

1 H GOUS
2 DS J M RHEEDER (sameroeper)
3 H C G BESTER
4 J E SWARTS

<u>RADIO EN TV SKAKELING</u>

1 DS D R SCHWARTZ (sameroeper)
2 G POSTHUMUS
3 R FABER
4 G FABER
5 G L BRUWER

<u>GEMEENTESTATISTIEK</u>

1 JOHAN OLIVIER (KVK)
2 OUDL J J P HAASBROEK } Dendron
3 OUDL P J BECKER } Dendron

<u>VERLOFKOMMISSIE</u>

H C G BESTER

17.2 Die voorstel dat die Kommissie vir Algemene Sake e Aktuele Sake amalgameer onder konvenorskap van ds JA du Plessis word goedgekeur

17.3 Die voorstel dat die Kommissies vir Persskakeling en Radio- en TV-skakeling amalgameer, is afgekeur.

18. VERDAGING

Die Sinode verdaag om 18h15 vir aandete.

19. AMPTELIKE OPENING VAN SINODE

1. Die afgevaardigdes en susters van die Susterskonferensie vergader om 19h30 onder voorsitterskap van die ondervoorsitter, prof A Swart vir die amptelike opening van die Sinode deur prof dr WJG Lubbe, voorsitter van die Sinode.

Na verwelkoming stel prof Swart prof Lubbe aan die woord.

2. Prof Lubbe laat sing uit Ges. 10:1-3, gaan voor in gebed en lees die volgende verse voor: Gen 2:7, 1 Kor 7:23 en Rom 14:12. Prof Lubbe het gesê dat as hy 'n gedenkteken moet oprig 'n jaar nadat die eerste beswaardes vergader het en vier maande na die stigting van die eerste gemeente van die APK, dit Ebenhaezer sal wees. Die Here het wonderlik voorsien en sterk groei verseker tov lidmate, gemeentes, ampsdraers en predikante. 'n Fontein van vrede, verligting, blymoedigheid, hartlikheid en geluk het oopgegaan onder die lidmate van die Kerk wat 'n fontein van die Heilige Gees is.

Die Susterskonferensie, waaroor die Kerk juig, het voortgevloei uit 'n spontane begeerte om op hul eie te beraadslaag wat blyke is van 'n spontane oplewing in en van die Kerk.

Hy het vervolgens enkele onsigbare grondwaarhede uit wat die Woord van God leer, aan die afgevaardigdes voorgehou in verband met

1. Die waarde van elke mens se siel
2. Die vryheid van elke mens se siel, en
3. die verantwoordelikheid van elke mens.

Na 'n slotgebed het hy van Ges. 150:1-5 laat sing en die byeenkoms met die uitspreek van die seënbede beëindig.

Volledige openingsrede aangeheg as Bylae 2.

## NOTULE TWEEDE SITTINGSDAG, 3 NOVEMBER 1987

20. OPENING

Ds E Friis open op versoek van die Voorsitter. Hy laat sing Ps. 146:1 en 2, lees voor uit 2 Kor 6:8 v.v. waarna sewe broeders voorgaan in gebed met afsluiting deur ds. Friis.

Die Voorsitter bedank ds. Friis.

21. KONSTITUERING

Die Voorsitter versoek die assistent-skriba om te skakel met die afwesige gemeentes.

Hy bedank die Tydelike Kommissies wat gisteraand in sitting gegaan het. Ds L Pienaar reël op versoek die verslae soos volg: Naam van Kerk, Sinode 1987, Verslag (met naam) Nommer van verslag regs bo, Nommer van Tydelike Kommissie volgens agenda en alfabeties; aan einde van verslag name van kommissielede by die eerste verslag, en verder name van voorsitter en skriba. Diaken Snyman, oudl H Kritzinger en diaken FJ Swanepoel (Naboomspruit) word op die Notulekommissie gekoöpteer.

Voorstel in verband met Notule

Die sinode besluit om die notule van die vergadering soos volg te hanteer.

1. Die notulekommissie help die skriba om die kladnotule gereed te maak vir die tikster.

2. Die getikte notule van die een dag word voor teepouse die volgende dag aan lede van die sinode beskikbaar gestel.

3. Voorgestelde veranderings aan die notule word deur lede van die sinode aan die notulekommissie voorgelê tot middagete

4. Die notulekommissie dra die notule dan net na die middagete-pouse met die nodige veranderings aan die sinode voor.

5. Die notulekommissie kry opdrag om redaksionele veranderings in die notule aan te bring, sodat slegs inhoudelike veranderings aan die vergadering voorgedra word.

6. In die notule word besluite woordeliks opgeneem.

AANKONDIGINGS

1. Brief van oudl JM de Beer namens Fochville en Welverdiend met goeie wense aan Sinode.

2. Mosie van medelye ivm elf SA soldate wat aan grens gesneuwel het. Goedgekeur. Die vergadering betuig staande meegevoel.

Die Sinode van die APK het met leedwese kennis geneem van die gevoelige verlies vir die volk van Suid-Afrika met die gewelddadige afsterwe van elf van ons jong manne op ons grense. Die Sinode bid hul agterblywende dierbares die troosvolle gemeenskap van die Heilige Gees toe.

Voorsteller: WSP Geldenhuys

Sekondant: LJ Krouwkamp

3. Vergaderings van Tydelike Kommissies:

Algemene en Aktuele Sake
Teologiese Opleiding
Kategese

4. Lede van Kommissie vir Kerksang en musiek ontvang stukke in portaal.

5. Voorsittershamer geskenk deur ds OD Scheuer vervaardig uit olyfhout en aangekoop in Bethlehem, Israel.

6. Skriba van Tydelike Kommissie gee kladverslag by Notulekommissie in.

7. Spesiale Diploma en sertifikaat vir kategese te koop beskikbaar.

22. KLEREDRAG TYDENS HUIDIGE SITTING

22.1 Oudl Jordaan, Bloemfontein stel voor ordentlike kleredrag - goedgekeur

22.2 Voorstel ds LD Pienaar, gesekondeer BP Barnard - goedgekeur

Die Sinode besluit dat drag by die sinode 'n netjiese pak klere met 'n das sal wees.

23. VERKIESING VAN SKRIBA

Tweede Stemming:

Groslys: ds A Boshoff, ds WA Burger, ds MC Adendorff.
Ds MC Adendorff is verkies tot skriba en ds A Boshoff tot hulpskriba.

MOSIE VAN GELUKWENSE AAN MEV E LUBBE

Mev M Roos stel volgende mosie:

Baie geluk aan mev Erna Lubbe met die herdenking van haar geboortedag vandag.

Gods rykste seën word die egpaar Lubbe toegebid vir die jaar wat voorlê asook vir die groot taak wat op hulle skouers rus. Mev Lubbe sal later vanmiddag by die Sinode aansluit.

Voorsteller: Johan Olivier
Sekondant : Piet Becker

Met akklamasie goedgekeur.

BURGEMEESTERBESOEK

Die burgemeester van Naboomspruit besoek Sinode op 4 November 1987 gedurende die oggend.

Die verkose skriba en hulpskriba neem hulle plekke in.

24. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die volgende nominasies word ontvang:

Dr WA Burger
Ds JA du Plessis
Ds J Theron
Ds H Rheeder
Ds A van Staden
Ds OD Scheuer
Ds A van Jaarsveld
Ds M Hertzenberg
Ds H Robbertze
Ds W Jooste
Ds E Friis

25. KORT VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR KERKSTIGTING

Prof Lubbe dra die verslag voor nadat prof Swart die voorsittersstoel ingeneem het.

1. OPDRAG - kennis geneem
2. VERGADERINGS - kennis geneem
3. NAAM VAN DIE KERK - kennis geneem

Die volgende voorstelle word gemaak:

3.1 Ds Friis stel voor dat die naam onveranderd bly nl. Die Afrikaanse Protestantse Kerk met onderskrif 'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners

3.2 Ds [illegible] Botha en ds Theron stel as amendement dat die onderskrif verander word: 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners.

3.3 Ds [illegible] Pienaar en br D Drent stel voor: Die naam van die Kerk sal wees: Gereformeerde Afrikaanse Kerk. 'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners.

3.4 Br Beyers stel voor: Die Blanke Afrikaanse Protestantse Kerk.

Die Sinode besluit om al die voorstelle na die Tydelike Kommissie vir Regte te verwys wat reeds beskrywingspunte hieroor hanteer.

4. PREDIKANTE

Aanbeveling 2: Goedgekeur

Die Sinode skep 'n liggaam/liggame wat bogenoemde belange rakende predikante kan behartig in plek van die KVK.

Verwys na Kommissie vir Kommissies op voorstel van Ds A van Jaarsveld.

5. GEMEENTES: Kennis geneem. Tans is 113 gemeentes reeds gestig.

Aanbeveling 3:

Die Sinode skep 'n liggaam/liggame aan wie die behartiging van bogenoemde belange van gemeentes toevertrou word in plek van die KVK.

Samestelling verwys na Kommissie vir Kommissies.

6. RINGE

Aanbeveling 4: Goedgekeur

Die Sinode boekstaaf sy waardering vir waardevolle werk op die eerste ringsittings gedoen, en neem eventueel alle sake deur ringe vir aandag van die Sinode verwys, ter tafel via Tydelike Kommissies van hierdie Sinode.

Aanbeveling 5: Reeds afgehandel

7. BOODSKAPPER

Aanbeveling 6: Goedgekeur

Die Sinode gee opdrag aan die liggaam deur hom aangewys om 'Die Boodskapper'as nuusbrief van die APK maandeliks te versorg en aan alle gemeentes en individuele intekenare te stuur.

Samestelling van kommissie verwys na Kommissie vir Kommissies

8. FINANSIES

Aanbeveling 7: Goedgekeur

Die Sinode vra die tesourier van die KVK om die finansiële stand van die KVK in hooftrekke te skets.

Verslag oor Finansiële stand word deur Br Neels de la Ro· voorgelê en goedgekeur.

8.1 Die finansiële stand van die KVK in hooftrekke geskets:

| | R |
|---|---|
| 8.2 Kontant van Voortsettingskomitee ontvang | 6 900 |
| Kontant ontvang 27/6/87 tot 31/10/87 | 332 000 |
| Nadat voorsiening gemaak is vir beraamde Sinode uitgawes van | 30 000 |

het die KVK nog R10 000 in die bank.

8.3 Die KVK het op 'n kontantgrondslag gewerk en hom streng by sy beleid, om nie skuld te maak nie, gehou.

8.4 Verskeie besparingsmaatreëls is getref:

(a) Die kantoorpersoneel, wat bestaan uit die voorsitter, sekretaris, hulpsekretaris, penningmeester, voltydse sekretaresse/tikster, een voltydse dame en twee deeltydse hulp het die KVK per maand gemiddeld minder as een reisende leraar gekos. Dit dui op onbaatsugtige liefdesdiens.

b) Verder het die KVK van goedkoop, beknopte en minder luukse kantore gebruik gemaak.

8.5 Die hoofdoel van al die besparingsmaatreëls was om geld beskikbaar te stel vir die indiensneming van leraars en die stigting en vestiging van gemeentes.

8.6 Die KVK se hoofuitgawe was die reisende leraars.

8.7 'n Groot deel van ons fondse is ook bestee aan die druk en versending van 'Die Boodskapper' en ander inligtingstukke en die vereffening van 'n telefoonrekening wat R1 000 per maand oorskry het.

8.8 Ons dank aan die lidmate en gemeentes wat buitengewoon mildelik bygedra het.

8.9 Ons dank aan die Here wat van ons blymoedige gewers gemaak het.

Aanbeveling 8: Goedgekeur

Die Sinode boekstaaf sy waardering vir die pragtige samewerking en ondersteuning wat die KVK van gemeentes ten aansien van finansies van gemeentes ervaar het.

Aanbeveling 9: Goedgekeur

Die Sinode lê 'n basis neer waarvolgens gemeentes van die APK tot die geldelike behoeftes van die APK se algemene belange bydra.

Uitvoering word verwys na tydelike Kommissie vir Begroting en Finansies.

9. OPLEIDING VAN PREDIKANTE - kennis geneem

Aanbeveling 10 : Reeds afgehandel

10. KATEGESE - kennis geneem

Aanbeveling 11: goedgekeur

11. TYDELIKE KOMMISSIES - kennis geneem

Aanbeveling 12 - goedgekeur

12. KONSEPORDEREëLS - kennis geneem

Aanbeveling 13 : afgehandel

13. KONSEPKERKORDE

Aanbeveling 14 : afgehandel

14. KONSEPBEPALINGS

Aanbeveling 15 : goedgekeur

Die Sinode verwys hierdie konsep na sy Tydelike Kommissie vir Regte vir spoedige aandag en aanbevelings.

15. KVK LEDE AS LEDE VAN EERSTE SINODESITTING - Kennis geneem

Aanbeveling 16 : goedgekeur

Die Sinode keur hierdie oordeel en reëling van die KVK goed.

16. KOMMISSIE VAN REGSADVISEURS : Kennis geneem.
Regstelling : vervang "kostelike" met "waardevolle".

Aanbeveling 17 Goedgekeur

Die Sinode benoem as een van sy permanente Kommissies 'n kommissie van Regsadviseurs en wel uit APK lidmate wat die regsprofessie beoefen.

Samestelling verwys na Kommissie vir kommissies.

17. EIENDOM IN NAAM VAN GEMEENTE : Kennis geneem

Aanbeveling 18 : Goedgekeur

Die Sinode besluit dat elke gemeente van die APK alleen e uitsluitlik oor sy gemeentelike eiendom beskik.

18. AMPTELIKE INTERKERKLIKE VERHOUDINGE - kennis geneem

Aanbeveling 19 : goedgekeur

Die Sinode doen 'n beroep op alle APK lidmate om Gods gebod van liefde jeens God en die naaste met alle agting te bejeën en Gods genade dag na dag af te smeek om hierdie gebod van liefde na te leef soos dit God behaag en Sy kinders betaam.

Aanbeveling 20 : Goedgekeur.

Die Sinode wys 'n liggaam aan wat namens die Verbond van A P Kerke interkerklike betrekkinge behartig.

Samestelling verwys na Kommissie vir Kommissies.

19. GELOOF EN PROTES EN ANDER OPBOUENDE BOEKE - Kennis geneem

Aanbeveling 21: goedgekeur

Die Sinode versoek alle lidmate om die lees en verspreiding van opbouende Christelike literatuur te benut en te bevorder.

Aanbeveling 22: goedgekeur

Die Sinode versoek dat die lees en verspreiding van Geloof en Protes bevorder word, en dat Geloof en Protes van tyd tot tyd hersien en herdruk word.

Br P Wegener (Algoa) vra dat 'n beknopte samevatting van Geloof en Protes gratis versprei word.

Ds R Schwarz spreek kommer uit dat Geloof en Protes as beleidstuk van die APK beskou sal word. Beide gedagtes word verwys na kommissie vir Publikasies.

20. ADMINISTRASIE

Aanbeveling 23 : Goedgekeur

Die Sinode gee opdrag aan 'n Kommissie wat hy daartoe sal aanwys om voorsiening te maak vir die nodige kantoorruimte, kantoorfasiliteite en kantoorpersoneel om die algemene belange van die APK so doeltreffend maar tegelyk so ekonomies moontlik te dien.

21. KERKDRAG

Aanbeveling 24 : Staan oor

22. PREDIKANTE AS HUWELIKSBEVESTIGERS

Aanbeveling 25 : Goedgekeur

Die Sinode gee opdrag aan die aangewese liggaam o[m] onmiddellik na die Sinode aan bogenoemde saak aandag t[e] gee.

23. PREDIKANTE AS KAPELANE EN RADIOPREDIKERS

Aanbeveling 26 : Goedgekeur

Die Sinode gee opdrag aan die aangewese liggaam om dire[k] na die Sinode bogenoemde belange te behartig.

24. BYBELVERTALING

Kennis geneem

Aanbeveling 27 : Goedgekeur

Die Sinode wag op die aanbevelings van sy Tydelike Kommissie.

25. BESKRYWINGSPUNTE

Kennis geneem.

Aanbeveling 28 : Goedgekeur

Die Sinode wag op aanbevelings van sy Tydelike Kommissies.

26. VIDEO'S, FOTO'S, KASSETTE

Kennis geneem

Aanbeveling 29 : Goedgekeur

Die Sinode besluit dat 'n Permanente Kommissie vir die APK-argief aangewys moet word wat noulettend en tydig aandag gee aan argiefmateriaal van die APK as geheel, en Gemeentes adviseer oor die versameling en bewaring van argiefmateriaal.

Samestelling verwys na Kommissie vir Kommissies

27. BOEDELBEMAKING - Kennis geneem

Aanbeveling 30 : Goedgekeur

Die Sinode boekstaaf sy dankbaarheid teenoor br en sr Vorster, gee opdrag aan sy skribe om 'n brief van dankbetuiging namens die Sinode aan die egpaar te rig, en gee opdrag aan sy permanente Kommissie vir die Argief om onverwyld 'n foto en Curriculum Vitae van die betrokke egpaar te bekom en te bewaar.

28. GRONDSKENKING VIR TEOLOGIESE OPLEIDINGSENTRUM

Kennis geneem.

Aanbeveling 31: Staan oor totdat die skenker teenwoordig is.

'n Regstelling word aangebring: Br Koot Steenkamp van Vredefort in plaas van Parys.

29. SKENKINGS AAN GEMEENTES

Aanbeveling 32 :Goedgekeur

Die Sinode deel in en bevestig die dankbaarheid van die KVK.

30. VERSOEK BYBELGENOOTSKAP

Aanbeveling 33 : Goedgekeur

Die Sinode verwys die versoek van die Bybelgenootskap na sy Tydelike Kommissie vir Bybelvertaling vir aandag en aanbeveling.

31. OOREENKOMSTE MET PERSONE IN DIENS VAN DIE KVK - kennis geneem

Aanbeveling 34 : goedgekeur

Die Sinode respekteer sulke ooreenkomste en handhaaf hulle vir wat hy 'n eerbare minimum-tydperk in elke geval ag. Verwys na 'n liggaam wat later aangewys sal word (Kerkebestuur).

32. EMBLEEM

Aanbeveling 35 : goedgekeur

Die Sinode verwys hierdie voorstelle na sy Tydelike Kommissie vir Interkerklike Verhoudinge en Kerk-embleem.

33. ERKENNING DEUR GEMEENTES VIR GETROUHEID EN YWER IN KATEGESE

Kennis geneem.

34. HULP AAN GEMEENTES BY BEROEPING VAN LERAARS

Aanbeveling 36 : goedgekeur

Die Sinode versoek gemeentes wat voorheen soortgelyke hulp verlang, om hul behoeftes voor te lê aan die Sinode se aangewese liggaam, en om tydens hierdie Sinode soortgelyke versoeke voor te lê aan die Tydelike Kommissie vir Beplanning en Kerkvestiging en Kerkopbou.

35. LERAARS BESOEK GEMEENTES SONDER LERAARS

Kennis geneem

Aanbeveling 37 : Goedgekeur

Die Sinode boekstaaf ook sy waardering vir sulke begrip en samewerking.

36. HULP AAN BEHOEFTIGES

Kennis geneem.

37. KERKEBESTUUR EN DAGBESTUUR

Aanbeveling 38

Uit sy ondervinding van wat die belange van kerkstigting en kerkopbou van dag tot dag vra, beveel die KVK by die Sinode aan dat die Sinode 'n Kerkbestuur (tussentydse Kommissie van Sinode tot Sinode) aanwys om alle belange van alle kerke (gemeentes) van die APK te dien volgens omskrewe opdragte en dat so 'n kerkbestuur 'n Dagbestuur aanwys om met spoedeisende sake te handel.

Goedgekeur met byvoeging van die volgende na 'handel' : 'met verslag aan die Kerkebestuur'

(Voorgestel ds E Friis)

Bespreking volg oor verskillende aspekte rakende die tussentydse Kerkebestuur. Prof Lubbe beantwoord al die vrae bevredigend.

38. DANKBAARHEID

Kennis geneem.

Ds O Scheuer en Br CT Rabie stel 'n mosie van dank aan die KVK. Dit word met akklamasie goedgekeur.

MOSIE VAN DANK AAN KVK

Die Sinode betuig sy opregte dank aan die Komitee vir Kerkstigting wat sedert die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk op 27 Junie 1987, die leiding geneem het met die stigting van gemeentes, die vestiging van die kerk en die bevestiging van leraars. Die Sinode is onder die indruk daarvan dat die KVK die waardevolle werk met besondere bekwaamheid, wysheid en toewyding uitgevoer het. Sonder die KVK se onmisbare werk, sou menslik gesproke, die APK nie so kragtig geverder het nie.

Die Sinode sluit by sy waardering, veral ook die werk van die Dagbestuur van die KVK in, wat weekliks vergader het, die aandeel van gekoöpteerde medewerkers, die tydelike kommissies, en die kantoorpersoneel, by name veral Mev Ada Wessels.

Die Sinode dank die Here vir sulke geroepe leiers.

Voorstel: OD Scheuer Sekondant: CT Rabie

Prof A Swart stel 'n mosie van dank teenoor die voorsitter van die KVK vir sy besondere opofferende werk gedoen tot hiertoe. Dit word so goedgekeur.

Prof Lubbe neem weer die voorsitterstoel in.

VERKIESING VAN AKTUARIUS

Daar moet weer gestem word tussen Ds E Friis, ds Scheuer, en ds AS van Jaarsveld en dr W Burger.

18. VERSLAG VAN VERLOFKOMMISSIE

Die volgende verlofreëlings word deur die Sinode goedgekeur:

(i) Dr Johan Pretorius KVK-lid, afwesig oggendsittings

(ii) Afgevaardigde LJ Cronje en W Wheeler van Dundee - Glencoe - slegs vir eerste dag en opening teenwoordig - moet terugkeer.

(iii) Ds L Jacobs van Graniet afwesig 10h15 tot 11h15 op 87.11.03 om geneesheer in Potgietersrus te besoek.

(iv) Dieken mev E Gouws, afgevaardigde, toestemming verleen om haar by die Susterskonferensie te skaar en na afhandeling daarvan, weer by Sinode aan te sluit.

(v) Dieken CJ Snyman van Belfast verlof toegestaan 5 tot 6 November 1987 - dringende besigheidstransaksies.

(vi) Dieken CC Oosthuizen van Carolina verlof toegstaan 6 November 1987 - besigheidstransaksies.

(vii) Oudl W van der Ryst verlof 8h00 tot 15h00 vir Beheerraadsvergadering in Pretoria.

(viii) Afgevaardigdes Primarius en Secundus van Migdol los mekaar af vanaf 18h00 op 4 November 1987.
Oudl CH White en oudl JJM van Zyl in plek van oudl GC Smith en oudl JJ de Klerk.

(ix) Koos Opperman verlof toegestaan 14h00 - 17h00 3 November 1987 vir Stadsraadsvergadering.

Manie Bester

MOSIE. Die volgende mosie word goedgekeur.

Die Sinode besluit dat die Sinodegangers nie hendeklap nadat 'n voorstel voor die Sinode gedien het nie (ten minste nie voordat dit die besluit van die vergaderings geword het nie). (Voorgestel ds DR Schwartz, MJ Hartzenberg.

27. GROETEBOODSKAP : NED GEREF BOND

Kennis geneem met dank.

Dankie vir die twee dae wat ek u Sinode as waarnemer kon bywoon. Kennelik is die Here hier teenwoordig.

Ek was deurentyd onder die indruk dat slegs die Here se wil gesoek word in alles wat u onderneem en wil onderneem. Ek dra hiermee ook die groete oor, en beste wense, van die NG Bond aan hierdie eerste Sinode van die APK en vertrou dat al u werksaamhede, nou en te alle tye, sal wees tot die eer van God en sy Koninkryk.

Groete in Christus
CHRIS WAGNER - SEKRETARIS NG BOND

28A. KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

1. Die Skriba word op sy versoek onthef van sy verpligting op bogenoemde kommissie en die vergadering keur die uitbreiding van die kommissie soos volg goed: Ds LD Pienaar (Sameroeper), prof A Swart, dr W van Heerden, Ds E Friis.

2. Elke tydelike Kommissie word versoek om aanbevelings by bogenoemde Kommissie te maak ivm samestelling van kommissies.

28B. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Ds AS van Jaarsveld is met 'n meerderheid van stemme verkies

29. FOTO'S

Die Sinode keur goed dat die dienste van 'n professionele fotograaf deur ds F Stans bekom word om foto's van die Sinode te neem.

30. EERSTE VERSLAG : KOMMISSIE VIR BEGROTING EN FINANSIES 7.1

Aanbevelings:

30.1 Die Sinode stel dit as sy beleid om sy uitgawes te bereken volgens sy inkomste op 'n kontantbasis sover moontlik. Goedgekeur.

30.2 Word terugverwys na die kommissie.

30.3 Die Sinode neem so gou moontlik (indien moontlik voor Woensdagmiddag) oor die volgende sake besluite voordat die finale begroting opgestel kan word:

(a) Voorsiening vir kantoor en personeel

(b) Uitgawes ivm teologiese opleiding

(c) Samestelling en funksionering van kommissies

(d) Uitgee van 'n amptelike blad

(e) Voorsiening vir reisende leraars

(f) Pensioen van leraars
(g) Ander finansiële sake.
Goedgekeur.

VERDER WORD BESLUIT: Permanente Kommissies moet so gou moontlik aangewys word en begrotings van elk aan die tydelike Kommissie vir Begroting en Finansies voorgelê word.

Verslag in geheel : Goedgekeur

31. VERSLAG VAN SAMEROEPER VAN DIE REDAKSIEKOMITEE VIR DIE OPSTEL VAN KATEGESEBOEKE (bls 32 Agenda -voorgelê deur ds O Scheuer)

31.1 Opdrag : Kennis geneem

31.2 Opstel van Boeke - Kennis geneem.

31.2.1 Leidrade en voorbeelde - Kennis geneem

31.2.2 Bestek - Kennis geneem

31.2.3 Tyd vir opstel van boeke - Kennis geneem

31.3 Algemeen - Kennis geneem

31.4 Slot : Kennis geneem

Die Voorsitter spreek die dank van die vergadering uit teenoor ds OD Scheuer, die skrywers van die boekies en die drukkers van Bloemfontein wat bereid is om die drukwerk gedurende Desember 1987 af te handel.

Verskillende voorstelle ivm die naam vir die kategese word ingedien vir oorweging deur die kommissie.

Br Anton van der Westhuizen van Hoëveldrif ontvang tyding dat sy vader pas in 'n motorongeluk gesterf het, en die vergadering betuig staande sy meegevoel, waarna die broer verskoon word.

Die sinode verdaag vir ete om 13h10. Die Sinode hervat sy werk om 14h15.

Oudl P Wegener dien 'n mosie in oor die pers.

MOSIE OOR PERS:

Die pers word nie toegelaat op die Sinodesitting van die A P Kerk nie. 'n Persverklaring word aan die einde van die dag uitgereik indien die media sou belangstel.

P Wegener CP Scheuer

Die mosie word nie goedgekeur nie, maar die voorsitter doen aan die hand dat slegs die koerant wat oortree het, nl. Beeld, hom aan die Sinode onttrek totdat 'n apologie geplaas is oor die onbillike berigggewing oor leiersfigure van die Sinode. Die Sinode keur dit so goed.

32. KOMMISSIE VIR VERLOF

Aansoeke goedgekeur deur die Sinode:

1. Witrivier : Oudl GA Morgan 4, 5 en 6 November 1987
Rede: Jong gemeente : Reëlings gekortwiek

2. Vryheid : Oudl Koos Erasmus 5 en 6 November
Rede : Reëlings gekortwiek.

3. Hoëveldrif : Diaken Anton van der Westhuizen 4, 5 en 6 November 1987
Rede : Vader vandag 3/11/1987 verongeluk

4. Mnr Neels de la Rey : 4/5/6 November 1987.
Rede : Geen verlof beskikbaar by Universiteit

5. Mnr CC du Preez 4/5/6 November 1987
Rede : Probleme tuis

6. Prof Alkmaar Swart 5/6 November 1987
Rede : Geen verlof beskikbaar by Universiteit

7. Oudl JJSM van Niekerk van Warmbad word op 5 November 1987 deur Diaken HC Jordaan vervang.

8. Oudl J D Balt word op 5 November 1987 deur Diaken H Jordaan vervang.
Gemeente : Warmbad

HCG BESTER

33. TYDELIKE KOMMISSIE VIR REGTE - EERSTE VERSLAG A(1)
(Sien ook Agenda bls 4)

1. Laat ingekome stuk. Kennis geneem

2. Konsep-ordereëls vir kerklike vergaderings

Punt 1 - 5 goedgekeur (soos in agenda)
Punt 6 - Goedgekeur
Punt 7 - 9 Goedgekeur (soos in agenda)
Punt 10 - Nie aanvaar nie. Bly soos in agenda met wysiging van "voorgestel" na "vasgestel".
Punt 11 - Nie aanvaar nie.

Die volgende amendemente word oorweeg:

1. Wysig die woord 'goedvinde' na goeddunke' en voeg by 'en wanneer hy daarom gevra word'. Goedgekeur.

2. Ordereëls punt 11:

   Skrap alles na 'aan die orde', sodat die sin lees: 'Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde'.

   (D R Schwartz; E Friis) Nie aanvaar nie.

| | | |
|---|---|---|
| Punt 12 - 16 | - | goedgekeur (soos in die agenda) |
| Punt 17 | - | goedgekeur met vervanging van "was met "word". |
| Punt 18 | - | word nie aanvaar nie en die volgende amendement word goedgekeur:<br><br>In die geval van 'n voorstel en amendement(e) word die amendemente eerste tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is en daarna die voorstel. |

(AS van Jaarsveld; E Friis)

| | | |
|---|---|---|
| Punt 19- 20 | : | goedgekeur |
| Punt 21 | : | goedgekeur |
| Punt 22- 24 | : | goedgekeur |
| Punt 25 | : | word nie aanvaar nie, maar word goedgekeur soos in die Agenda met die volgende wysiging: Vervang die sin "of na kennisgewing ... moet besluit" met : "Kennisgewing van hersiening kan wel gegee word om by die volgende vergadering voor die Kerkraad te dien". Skrap "op 'n gesekondeerde en gemotiveerde voorstel," in eerste sin. |
| Punt 26 | : | Goedgekeur |
| Punt 27 | : | Goedgekeur |
| Punt 28 | : | Terugverwys na kommissie vir herformulering |
| Punt 29 | : | Goedgekeur |
| Punt 30 | : | Goedgekeur soos in agenda |

Die volgende voorstel word goedgekeur:

Die Sinode besluit dat die besondernede van afgevaardigdes soos dit in die geloofsbriewe verskyn het met die konstituering, volledig in die notule opgeneem word.

Voorsteller: AS van Jaarsveld   Sekondant: A Besnoff

34A. VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FOTO'S EN LITERATUUR-UITSTALLING (X(1))

1. (1) - 1(vi) - goedgekeur, met wysigings - tyd by 4 November verander na 07h30.

   KVK en KVK Dagbestuur se foto sal later te Pretoria geneem word.

2. Kennis geneem

3. Kennis geneem

4. Kennis geneem

5. Kennis geneem

34B. NOTULE EERSTE SITTINGSDAG

Die notule van die eerste sittingsdag word aan die orde gestel - voorgelê deur Dr FAB van Staden.

Goedgekeur met die volgende wysigings

2.2 19h00 moet wees 19h30

3. Voeg by na goedgekeur 'omdat die kennisgewing vir misverstand vatbaar is'. Die presensielys word aangeheg. Bylae I.

4. Vervang 'Velskoen' met P.E.

5.28 Manie Bester moet wees HCG Bester

5.29 Bekker moet wees PJ Becker

Voeg by voorletters JJP by Heesbroek

5.31 Dr moet wees Drs.

7. 'Sittingsreg' moet wees 'sittingsure'

8. "Aktuaris" moet wees "aktuarius".

9. JA Theron moet wees JH Theron hier en verder in 10 en 11.

10. Ds WA Burger moet wees dr WA Burger.

11.1 Dr AS van Staden moet wees ds AS van Staden.

15.9.7 Dr Van Heerden se voorstel vir 'n jaar oriëntering na matriek moet bygevoeg word.

MOSIE OOR OPENINGSREDE - Ds Friis

Die vergadering besluit dat die rede van Prof WJG Lubbe in geheel in notule opgeneem word en dat 'n verkorte vorm daarvan in Die Boodskapper sal verskyn.

35. VERSLAG VAN KVK BL 7 PUNT 28

Grondskenking vir Teologiese Opleiding en Kerksentrum deur Br & Sr Koot Steenkamp.

Aanbeveling 31 : Goedgekeur

Prof A Swart skets die agtergrond van die skenking en die veskillende ontwikkelingsmoontlikhede waarvoor die grond aangewend kan word. Hy spreek sy dank teenoor die skenkers uit, en die sinode betuig staande sy waardering.

36. VERSLAG VAN KOMMISSIE VAN KAPELAANSDIENSTE E(1)

Die aanbevelings word goedgekeur.

1. Dat APK lidmate in onderskeie eenhede kerklik deur ons bedien moet word.

2. Dat ons die bediening op ons eie kerklike wyse sal doen.

3(i) Identifisering van lidmate in SAW, SAP en Gevangenisdiens. Kerkrade moet name en eenhede identifseer en deurstuur na die Kerkkantoor.

3(ii) Identifisering van gemeentes waar betrokke Opleidingseenhede is.

4. Skakeling moet gedoen word met SAW, SAP en Gevangenisdiens. Die kommissie beveel aan dat die Kerkkantoor met bogenoemde instansies sal skakel, om dan ook sitting te verkry in vergadering van die Kapelaan-Generaal waar alle kerke teenwoordig is.

5. Die kommissie beveel aan dat 'n aandenking bv 'n boekmerk, vir elke lidmaat by inname gegee sal word deur die plaaslike kerkraad.

6. Dat elke gemeente gereeld gemeente- en kerknuus aan die betrokke lidmate sal stuur.

7. Dat die persoon wat skakeling doen, moet beding vir bediening van lidmate deur 'n reisende leraar, waar hulle operasioneel is.

8. Die plaaslike gemeente die voorreg moet hê om lidmate te vervoer na dienste, waar dit nie deur eenhede gedoen word nie.

Oudl van Rensburg van Groter-Durban bepleit tydige reëlings insake gevangehouding sodat die APK onmiddellik kan toetree met pastorale sorg indien 'n lidmaat in die gevangenis sou beland.

Ds Tonie Viljoen bepleit die aanwysing van 'n kommissie om aan die sake in die verslag aandag te gee.

Oudl Swart van Oudtshoorn vra dat gemeentes waaruit dienspligtiges kom, dmv die kerkkantoor die name aan die gemeente deurgee waar die dienspligtige gestasioneer is.

Ds Marius Hartzenberg bevestig die belangrikheid van bogenoemde reëling, veral met betrekking tot die bearbeiding deur ons dienspligtige lereaars.

37. EERSTE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING F(1)

1. Goedgekeur

2. 2.1 - 2.2 Goedgekeur

2.3 Goedgekeur met byvoeging na 'huisgodsdiens': 'waar dit verval het'

3. Goedgekeur.

Br O van Schalkwyk van Thabazimbi en ds E Friis gee toeligting op punt 3.

4. Gewysig goedgekeur om te lees:

Die APK verwerp oop, geïntegreerde Dag- en Sondagskole in die sogenaamde multi-kulturele opvoeding en beskou oop Kategeseskole as wegbereiders vir oop dagskole. Die APK moet die beweging in die rigting teenwerk (voorgestel DR Schwartz : Gesekondeer MJ Hartzenberg)

5. Hierdie punt sowel as die volgende amendemente word na die kommissie terugverwys:

5.1 Die Sinode betuig sy sterkste afkeuring van, en versoek sy lidmate om op gepaste wyse op te tree teen die aftakeling van Christen- en volksidentiteit deur sosiale vermenging en deur die beeldradio

Voorsteller : AS van Jaarsveld Sekondant: C du Preez

5.2 Die Sinode betuig sy afkeur teen die aftakeling van Christen- en volksidentiteit deur sosiale vermenging en die beeldradio, en versoek die gemeentes om in sy woordverkondiging en in die lidmate se getuienisteek sterk op te tree.
Voorgestel ds SJ Prins Sekondant: G Posthumus

Voeg by 5: omdat die Kerk van Christus 'n strydende Kerk is en deur die gesproke en geskrewe woord hom op georganiseerde wyse moet verset.

Voorsteller: AS van Staden Sekondant: E Friis

6. Goedgekeur

7. Goedgekeur

38 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE G.1

Die verslag word terugverwys na die Kommissie.

KOMMISSIE VIR VERLOF

Sinode keur goed Dieken FJ Swanepoel (Nebocmspruit) ruil met Oudl HJ van der Merwe (Sek)

Oggendsittings 4/5 Nov.

Rede: Moet namens kliënt in dringende saak optree.

Die vergadering verdaag om 18h00.

AANDSITTING : 3 NOVEMBER 1987

Die Sinode kom om 19h30 tesame met die susters en etlike besoekers byeen. Die voorsitter verwelkom die teenwoordiges. Hy gaan voor in gebed.

39. OORHANDIGING DEUR EN ONTBINDING VAN KOMITEE VIR KERKSTIGTING

Die voorsitter skets die optrede van die KVK gedurende die afgelope maande. Hy bedank die lede van die KVK en almal wat behulpsaam was o a die persone wat tot sover in die kantoor diens gedoen het. Die ondervoorsitter, prof A Swart, wat as sekretaris van die KVK gedien het, gee die agtergrond van die KVK soos volg:

Vereeniging; Heidelberg; Nigel; Vanderbijlpark; Sasolburg

1.19 RING VAN GERMISTON
Germiston; Primrose; Kemptonpark; Brakpan; Benoni

1.20 RING VAN ROODEPOORT
Roodepoort; Linden; Randfontein

1.21 RING VAN MOOT-SENTRAAL
Moot-Sentraal; Cullinan; Verwoerdburg; (Pretoria-Oos)
Bronkhorstspruit; Brits; (~~Pretoria-Noord~~); (Noordelike Pretoria)

1.22 RING VAN HEILBRON
Heilbron; Frankfort; ~~Villiers~~; Cornelia; Tweeling; (Petrus Steyn)

1.23 RING VAN GRANIET
Graniet; Viljoenskroon; Hennèman; (Bothaville); (Kroonstad)
(Welkom)

1.24 RING VAN MEMEL
Memel; Vrede; Warden; Newcastle

1.25 RING VAN BETHLEHEM
Bethlehem; Senekal; Harrismith; Paul Roux; Ficksburg; Lindley
(Marquard); (Steynsrus); (Reitz)

1.26 RING VAN BLOEMFONTEIN
Bloemfontein; Brandfort; Verkeerdevlei; Petrusburg; Dealesville
Boshoff; (Winburg); (Theunissen); (Bultfontein)

Goedgekeur, met die volgende wysigings:

1.12 Ring van Mooinooi moet wees Ring van Derby.
1.13 Ring van Naboomspruit: "Koedoeskop" moet wees "Koedoesrand".
1.21 Ring van Moot-Sentraal: Cullinan moet wees "Cullinan-Rayton".
1.23 Ring van Graniet : "Henneman" moet wees "Hennenman".

2. PREDIKANTE KENNIS GENEEM
2.3 Aanbevelings 2.3.1 - 2.3.4.3 Reeds afgehandel

90. GROEPERING VAN RINGE
1. Stellenbosch Paarl, Beaufort Wes, Somerset Oos
2. Suidkus, (Noordkus) Glencoe/Dundee Morgenzon
3. Heilbron, Memel, Graniet, Bethlehem, Bloemfontein
4. Olifantshoek, Migdol, Lichtenburg, Klerksdorp.
5. Derby, Dendron, Naboomspruit, Middelburg, Laeveld.
6. Vereeniging, Germiston, Roodepoort, Moot-Sentraal.
Goedgekeur. Die groepe word versoek om te vergader om :
1. 'n naam vir elke groep te kies en
2. elk 'n primarius en sekundus vir die SKK te benoem, sodra sinode sy 5 lede vir die SKK benoem het.

91A. Uitslag van eerste stemming van 5 lede vir SKK ;

VERKIES MET VOLSTREKTE MEERDERHEID
Prof WJG Lubbe
Prof A Swart
Ds E Friis
Nog 2 moet gekies word uit die volgende name :

Ds Adendorff, ds Scheuer, ds Van Jaarsveld, ds Boshoff.

92. MOSIE VAN BLYDSKAP OOR BESLUITE VAN NG SINODE SWA
Daar word met blydskap kennis geneem van die besluite van die N Sinode van SWA t.o.v. "Kerk en Samelewing"
Voorsteller : Oudl JJP Haasbroek
Sekondant : Oudl AF Celliers
Goedgekeur

93. VERSOEK DS. SCHEUER OOR GESPREK MET LERAARS
Goedgekeur

Ek wil aan die hand doen vir oorweging :
Dat een van ons kundige leraars vir 'n tydjie afgevaardig word (3 ... weke) om besoek af te lê by, en gesprek te voer met verskeie lera... wat nog in die bediening van 'n bekende kerk is, en wat ons goedges... is, maar, of uit onkunde of vrees, nog nie by ons wil kom aansl... nie. Ek ken 'n hele aantal van hulle, en hulle kort net 'n bie... inligting en oorreding. Ons het predikante dringend nodig. Ek ... amper die versekering gee dat ons met hulp van so 'n "deputaat" ... minste nog 10 leraars gaan wen.

91B. UITSLAG VAN 2DE STEMMING VIR 5 LEDE VAN DIE SKK

Ds A Boshoff, ds MC Adendorff is verkies.

AS SEKUNDUSLEDE IS VERKIES:
Ds AS van Jaarsveld

Ds OD Scheuer
Ds JH Theron
Ds M Hartzenberg

Die ringsgroepe vergader en wys die volgende verteenwoordigers op d: SKK aan, met die naamkeuses vir alle groepe.

| RINGSGROEPERING | NAAM EN VERTEENWOORDIGERS OP SKK |
|---|---|
| 1. Stellenbosch<br>Paarl<br>Beaufort-Wes, Somerset-Oos<br>RINGSGROEP : KAAP DE GOEDE HOOP | Prim. Ds A van den Berg (Paarl)<br>Sek. Oudl Gawie Posthimus (Stellenbosch) |
| 2. Suidkus (Noordkus)<br>Glencoe/Dundee<br>Morgenzon<br>RINGSGROEP : TRANS-NATAL | Prim. Oudl HCG Bester<br>Sek. Oudl JN de Wet |
| 3. Heilbron<br>Memel<br>Graniet<br>Bethlehem<br>Bloemfontein<br>RINGSGROEP : VRYSTAAT | Prim. Ds JH Theron<br>Sek. Ds JN Joubert |
| 4. Olifantshoek<br>Migdol<br>Lichtenburg<br>Klerksdorp<br>RINGSGROEP : NOORD-WES | Prim. Ds HCG Robbertze<br>Sek. Ds M Hartzenberg |
| 5. Derby<br>Dendron<br>Naboomspruit<br>Middelburg<br>Laeveld<br>RINGSGROEP NOORD-TRANSVAAL | Prim. Jan Homan<br>Sek. Ds Viljoen |
| 6. Vereeniging<br>Germiston<br>Roodepoort<br>Moot Sentraal<br>RINGSGROEP : P W V STREEK | Prim Ds N Rautenbach<br>Sek. Oudl JJ Prinsloo |

Broer Muller word terugverwelkom in die Sinode nadat hy sy bedanking van gister teruggetrek het.

VORMS MET GEGEWENS VIR JAARBOEK MOET GAAN NA : Mev EM Roodt Posbus 396, of 487, Rayton 1001.

94. MOSIE VAN DANK I/S VAKANSIEOORD SHANGRI-LA
Die sinode neem met dank kennis daarvan dat Oudl AJ Pienaar sy vakansieoord by name Shangri-la naby Nylstroom gratis beskikbaar stel

aan die jeug van die APK.
VOORSTEL : Dirken BJ van Rensburg
GESEKONDEER : Ds AP Viljoen.
Goedgekeur.

95. MEEGEVOEL word betuig aan oudl. Ben Kruger van Arnot met die afsterwe van sy swaer gister.

96. KURATORIUM : Die Sinode keur goed dat die SKK die persone aanwys.

97. VIERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR REGTE A4

Voorgelê deur ds. A. du Plessis.

1. Konsep kerkorde
1.1 Art. 42.1 - 42.2 Goedgekeur
1.2 Art. 42.3. Goedgekeur
1.3 Art. 42.4 Goedgekeur
1.4 Art. 42.5 - Goedgekeur
1.5 Art. 43 Goedgekeur
1.6 Art. 43.1, 43.2, 43.4, en 43.5 Goedgekeur met byvoeging by 43. "en moet dus teologies en Christosentries wees."
1.7 Art. 43.3 Goedgekeur
1.8 Art. 44.1 Goedgekeur
1.9 Art. 44.2 Goedgekeur
1.10 Art. 45 Goedgekeur
1.11 Art. 46 Goedgekeur
1.12 Art. 47 Goedgekeur
1.13 Art. 48 Goedgekeur - Voeg in na "Kerke" "(gemeentes) van die APK..." in voorgestelde wysiging.
1.14 Art. 49 Goedgekeur
1.15 Art. 50 Goedgekeur
1.16 Art. 50.1 Goedgekeur
1.17 Art. 50.2 Goedgekeur
1.18 Art. 51-52 Goedgekeur
1.19 Art. 53. Goedgekeur
1.20 Art 54-57.4.1 Goedgekeur

Numerering by Art. 57 moet so lui : "57.1 Belydende Lidmate
57.1.1 'n Bestraffing...
57.1.2 Sensuur...
57.1.3 Weer sensuur...

1.21 Art. 57.4.2 Goedgekeur
1.22 Art. 57.4.2.1 en 57.4.2.2 Goedgekeur
1.23 Art. 57.4.2.3 Goedgekeur
1.24 Art. 57.5 Goedgekeur
1.25 Art. 57.6 Goedgekeur
1.26 Art. 57.7 tot 57.7.1 Goedgekeur
1.27 Art. 57.7.1.1 Goedgekeur
1.28 Art. 57.7.1.2 Goedgekeur

1.29 Art. 57.7.2 - 62.4 Goedgekeur met die volgende wysigings :
Vervang "sinode" met "kuratorium"
Art. 57.7.3.3 Skrap "growwe" in 2de reël.
VOORSTEL . Diaken FJ Swanepoel
SEKONDANT : Ds WA Jooste

BESKRYWINGSPUNTE - Kennis geneem

98. VYFDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIES VIR REGTE A5

Voorgelê deur Ds JA du Plessis

1. Die Konsep-Kerkorde
1.1 Kennisgeneem
1.2 Art. 8 Goedgekeur, tweede paragraaf verval
1.3 Art. 9 Goedgekeur
1.4 Art. 10 Goedgekeur
1.5 Artikel 12 Goedgekeur
1.6 Art. 19.3 Goedgekeur
1.7 Art. 20.1 Goedgekeur

Die vergadering verdaag om 12h40 vir ete.

MIDDAGSITTING VIERDE SITTINGSDAG
Die vergadering hervat sy werksaamhede om 14h10

99. VERLOFVERSOEKE
Die Sinode keur die volgende aansoek om verlof goed:
Oudl JC Reitz, Welthagen en Lamprecht van Kathu vanaf 13h00 vandag.
Rede : Oudl Welthagen ongesteld. Afvaardiging reis saam.

100. TYDELIKE KOMMISSIE VIR REGTE: VYFDE VERSLAG A5 Vervolg

1.8 Art. 20.2 Goedgekeur
1.9 Art. 20.3 Goedgekeur
1.10 Art. 20.4 Goedgekeur
1.11 Art. 22 Goedgekeur
1.12 Art. 23.2 Goedgekeur
1.13 Art. 26 Goedgekeur

2. BEPALINGS BY DIE KERKORDE
Verwys na die Permanente Kommissies vir Regte en die SKM

3. DIE VROU IN DIE AMP
AANBEVELING : 3.1 Dat tot by die volgende sinode kerkrade nie verder vroue in die amp sal verkies nie - Goedgekeur.

3.2 Dat die aangeleentheid van die vrou in die amp na die permanente Kommissie vir Kerkleer en Beleid verwys word vir studie en rapport

Goedgekeur met byvoeging : Vroue wat reeds in besondere ampte verkies is, dien hulle ampstermyn uit.

4. BEVOEGDHEDE VAN KOMMISSIE
Kennis geneem a.g.v. gebrek aan tyd om volledig te bespreek.

5. KERKLIKE EIENDOM
Kennis geneem. Die Sinode keur die volgende reëlings goed:
MAGTE VAN DIE KERKRAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)
1. Om roerende en onroerende eiendom te besit, te koop, te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer.
2. Om enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die Wet vereis.
3. Om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik.
4. Om garansies uit te reik.
5. Om enige eis te bestry of in te stel in enige Hof in die Republiek van S A of enige ander land.

Vestiging van Eiendom, verbande ens.

Alle vaste eiendom, verbande hipoteke, notariële verbande Notariële Aktes word geregistreer in die naam van :
Die Afrikaanse Protestantse Kerk ...
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)

Die reg om met gemeente eiendom roerend sowel as onroerend te handel berus by die kerkraad van die betrokke gemeente kragtens besluit van die kerkraad geneem op 'n gewone vergadering ne meerderheid van stemme.

6. Wysiging van 'n Kerkorde - Kennis geneem
Verslag hiermee afgehandel.

101. KOLLEKTE VIR TEOLOGIESE SKOOL

'n Bedrag van R10 000 is in die kollektebus ingesamel tydens die Sinodesitting.

102. REËLING I.V.M. VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

Vanweë 'n gebrek aan tyd reël die voorsitter met goedkeuring van die vergadering dat slegs die noodsaaklikste punte in kommissieverslae nou aan die Sinode voorgelê word.

103. VIERDE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BEGROTING EN FINANSIES T4
(van T2 en T3 is slegs kennisgeneem)
Voorgelê deur ds C Snyman

VOORLOPIGE BEGROTING VAN UITGAWES.

Kantoor 1 - 5 Goedgekeur
Teologiese Fakulteit : 1-5 Goedgekeur, met vervanging van "fakulteit" met "skool"

INKOMSTE
Die kommissie beveel aan :

1. Tien persent van alle gemeentelike inkomste word aan die [illegible] gestuur vir kantooruitgawes.
2. Vyf persent van alle gemeentelike inkomste word vir die Teologiese skool oorbetaal.

Dus word in totaal 'n 15% aanslag aanbeveel - Goedgekeur
3. Die Kerkjaar moet ooreenstem met die kalenderjaar - Goedgekeur
4. Die heffing van [illegible] en 75% op die inkomste van pasgestigte gemeentes word vanaf einde November afgeskaf.

104. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN AKTUELE SAKE Q2

VERMISTE BLADSYE
Dit blyk dat 'n aantal bladsye van die verslag vermis is en die sinode besluit dat die verlore bladsye opgespoor moet word en dat die verslag in geheel verwys word na die SKK. Die vermiste bl. 2 waarop die volgende saak voorkom, moet saam met die notule aan afgevaardigdes besorg word.

ANDERSKLEURIGES BY SPESIALE DIENSTE
Die dringende versoeke van o.a. die broers W Geldenhuys LJ Krouwkamp, G Underhay en AJ van Niekerk dat die toelating van anderskleuriges op die Sinode bespreek word, word nie goedgekeur nie.

Beskrywingspunt 7.4 van die Ring van Migdol word goedgekeur :
T.o.v. die bywoning van anderskleuriges by spesiale dienste : Die outoriteit van Kerkrade kan nie berroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die Kerk bepaal word.

Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede. Laasgenoemde word ook as riglyne vir die Sinode aanvaar.

105. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKMUSIEK EN KERKSANG D.2

Verwys na die SKK

106. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING F.2

1-4 KENNISGENEEM

5. Aanbeveling goedgekeur : Die sinode spreek sy sterkste afkeu uit teen die aftakeling van Christen- en volksidentiteit, by or kinders deur die beeldradio en sosiale vermenging, en roep die Kerk, gemeentes en lidmate op tot daadkragtige optrede daartee. deur middel van onder andere

a. die Woordbediening
b. briewe namens gemeentes en deur lidmate aan die betrokke instansies wat hulle hieraan skuldig maak.
c. Ouer en volwasse leiding
d. Verbondsonderrig en ander Geestelike onderrig.

Die Kerk moet homself ook daarvoor beywer om iets in die plek te stel van die dinge wat identiteit aftakel.

6. Kennisgeneem
7. Kennisgeneem
8. Goedgekeur
met byvoeging van "by gemeentes" na "beveel" sodat die aanbeveling so lui: "Die Kommissie beveel by gemeentes aan dat daar bewaarskole opgerig word vir voorskoolse kinders wat direk onder beheer van die APK sal staan."

9-14 - Kennisgeneem

107. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING I2

Die voorsitter van die kommissie, ds JA Visser lê slegs die kerngedagte uit die verslag voor, nl. dat sending terugverwys word na elke gemeente om daar te begin en dit dan uit te bou na Rings- en Sinodalevlak - Goedgekeur.

108. HERDERLIKE BRIEF
Besluit : Die Konsepbrief word na die SKK verwys.

109. PERSVERKLARING
Die konsep word verwys na die SKK.

110. RINGSITTINGS
Die volgende ringsitting vind plaas gedurende April 1988.

111. SINODESITTING 1988
Die vasstelling van 'n datum word verwys na die SKK.

112. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIENS VA BARMHARTIGHEID J2

1. Die volgende voorstel is op 4 November 1987 aan die Kommissie oorhandig :
"Die Blanke Afrikaners van ons land is besig om te verarm as gevolg van 'n langdurige droogte en hoë rentelas en belasting. Hierdeur is daar baie boere wat gesekwestreer word en dus in die proses is o alles te verloor. Hul opleiding is ook sodanig dat hulle vir gee ander werk kan aansoek doen nie, en werk is ook skaars. Dus is daar huisgesinne wat 'n ernstige gebrek het aan materiële dinge en sodoende opstandig raak teen die Here en sy Kerk.

In die verlede is daar weinig aandag deur kerke gegee aan hierdi behoeftiges. Ons wil 'n versoek rig aan die APK om op 'n wyse aandag te gee aan hierdie probleem. Ons besef dat op materiële vlak dit tan vir die kerk moeilik sal wees om te voorsien , maar deur hierdie -- te besoek en moontlik deur ander kanale vir hierdie persone hulp t kan bekom, sal gewaardeer word."

KENNISGENEEM : Die sinode oordeel dat by die oorsake hierbo gemeld ook nog bygevoeg moet word in die eerste sin na "belasting" "en die inflasie van geldwaarde"

113. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR.
Die Sinode neem met groot erns en begrip kennis van hierdie voorstel

Die Sinode besef dat hierdie aangeleentheid die burgers van die hel SA raak en nie maar sonder meer afgemaak kan word nie.

Die Sinode doen 'n beroep dat elke plaaslike gemeente van die AP indiwidueel op hierdie stadium, met groot empatie na hierdie saak sa kyk en die lidmate wat op hierdie wyse ly met raad en daad sa bystaan.

Die Sinode bring hierdie aangeleentheid opnuut onder die dringende aandag van die plaaslike regering.

114. DIE EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR SKAKELING ME DIE RADIO EN TELEVISIE Z.1

Die voorsitter van die kommissie, ds DR Schwartz beklemtoon punte 2.3 2.4 en 2.5 uit die verslag. Die sake word na die SKK verwys. Z2 en Z3 staan oor tot die volgende Sinode.

115. DIE EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FORMULIERE N:

Die verslag word verwys na die permanente Kommissie vir Formuliere.

BESKRYWINGSPUNT INSAKE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID AFRIKA

Die Afrikaanse Protestantse Kerk verklaar hom gewillig tot samewerking

met en ondersteuning van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op d volgende voorwaardes.

1. Dat die finansiële steun van die APK aan die Bybelgenootsk voorlopig aangewend sal word vir die subsidieering en verspreiding van die 1933/1953 vertaling van die Afr. Bybel en die vertaling.
druk en subsidieering van die Bybel in die tale van die inheemse swart volke in SA.

2. Dat die steun van die APK nie aangewend sal word te ondersteuning van enige moontlike gesamentlike onderneming v die Bybelgenootskap van SA met die Wêreldbond v Bybelgenootskappe nie.

3. Dat, in die geval van Bybelverspreiding in buurlande, die APK fondse nie aangewend sal word vir projekte wat geskied deur d goedkeuring en samewerking van Kommunistiese regerings nie.

Die APK verseker die Bybelgenootskap van sy goeie gesindheid en voorbidding.

Ingestuur deur ds OD Scheuer, Ermelo

BESLUIT : Die beskrywingspunt word verwys na die kommissie vir studi oor die Bybelvertaling.

116. DIE EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KATEGESE C:

Die voorsitter van die kommissie, ds OD Scheuer, lê slegs die volgende aanbevelings uit die verslag voor:

2.7 Terme :
a. Katkisasie (vir die aksie)
b. Katkisasieklasse
c. Katkisasieboeke
d. Katkisasie onderwysers
e. Katkisante (finale jaar katkisasie / katkisante)

Ds E Friis stel die volgende amendement voor : Die benaming moet we "Sondagskool" behalwe in die laaste jare, waarvoor die ter "katkisasie" dan gebruik moet word.

Die amendement word aanvaar en die aanbeveling van die kommiss verwerp.

3.1 Dat elke gemeente katkisasieregister vir 1988 gebruik n goedkunke.
Goedgekeur, met wysiging van Katkisasieregister na 'Sondagskoolregister'

3.3 Dat die sleutel tot evaluering en rekordhouding geleë is in getrouheid en dernalwe word aanbeveel dat 3 punte per Sondag toegeken word, en wel t o v getrouheid in :

a. Kerkbywoning (1 punt)
b. Sondagskoolbywoning (1 punt)
c. Taak/opdrag uitgevoer (1 punt)

4.1 Formele toetse is en bly 'n praktyk vir gesonde evaluering . vorm 'n basis vir verskeie aspekte en moontlike gebruike, en di. word aanbeveel dat dit behoue bly vir St. 2 en groter kinders (Toetse is nie 'n probleem nie dog foutiewe aanwending van d resultate wel)

4.2 Daar word verder aanbeveel dat :

1. Die uitslag van formele toetse nie noodwendig 'n maatstaf mo. wees om na 'n volgende hoër klas oorgeplaas te word nie.
2. Gemeentes hulle eie interne toetse mag opstel.
3. Toetse moet so opgestel word om aan al die katkisante 'n redeli: geleentheid te gee om te presteer en dit moet ook nog uitdaging bied.

AANBEVELINGS ;

4.1 en 4.2 word nie aanvaar nie. Diaken FJ Swanepoel van Naboomspruit vra dat sy stem in die minderheid aangeteken word.

117. DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG HUWELIK : GESINSLEWE L.3

Die voorsitter van die kommissie , ds AP Viljoen, lê slegs di: aanbeveling onder punt 4 voor :

Die Sinode versoek gemeentes om 'n kommissie vir gesinsaangeleenthed in die lewe te roep om aandag te gee aan die voorkoming van onnodig lewensspanning wat aanleiding gee tot opvoedkundige, huweliks ( gesinsprobleme. Kundiges in die gemeente kan hier tot groot hul· wees.

GOEDGEKEUR.

118. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AMPSBEDIENING : EVANGELISASIE G2

Die voorsitter van die kommissie, ds C Prins, lê die aanbeveling onder punt 2.5 uit die verslag voor :

1. Dat die ou benaming van Sending, Ampsbediening en Evangelisasi· verander word na : Getuienis en Dissipelskap.

2. Dat elke gelowige binne die APK 'n gestuurde is en 'n taak in di: maak van dissipels het. Elkeen is 'n gestuurde om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense te verkondig. Hetsy deur getuienis, hetsy deur prediking om almal dissipels van Jesus te maak. Dat elke gelowige toegerus moet word om 'n dissipel te wees. Toegerus vir getuienis taak. Toegerus vir dienswerk, die versorging van mekaar. die vermaning van mekaar, die hulp aan mekaar, die bid vir mekaar e:

die dra van laste vir mekaar.

Die kommissie voel verder dat die belangrikheid van gebed nog oorbeklemtoon kan word nie. Gebed moet die basis vorm van gemeentelike aktiwiteite. Daarom moet persoonlike gebed gereeld in preke beklemtoon word, sodat dit 'n lewenswyse van gelowiges word.

Die aanbevelings word verwys na die permanente kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, asook die permanente kommissie vir Sending.

119. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKLIKE GODSDIENSTIGE PUBLIKASIES P2

Word in geheel verwys na die betrokke permanente kommissie.

120. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FOTO'S EN LITERATUURUITSTALLING X2

Die voorsitter, ds P Stans, lê aanbevelings onder 4 uit die verslag voor:

4.1 Die kommissie beveel aan dat in die toekoms daar nie weer gebruik gemaak sal word van buite instansies vir literatuur uitstallings nie : Goedgekeur

4.2 Die kommissie beveel aan dat by die volgende sinodesitting streng keuring van literatuur vooraf gedoen sal word : Goedgekeur

121. DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR BEJAARDESORG V3

In geheel verwys na permanente kommissies vir Diens van Barmhartigheid.

122. Bedankings

1. Die voorsitter bedank die volgende persone vir hulle bydrae tot die Sinode :

1.1 Die ondervoorsitter
1.2 Die skriba
1.3 Die hulpskriba
1.4 Die aktuarius
1.5 Dr FAH van Staden vir sy besondere hulp met die opstel van die kerkorde.
1.6 Mev. Marie Roos vir haar hulp aan tydelike kommissies.
1.7 Alle voorsitters en lede van tydelike kommissies.
1.8 Alle helpers uit die gemeentes in die omgewing waar die Sinode vergader het.

2. Dr JD Malan, naas verskeie ander afgevaardigdes, betuig die dank van die Sinode teenoor die voorsitter, prof WJG Lubbe vir sy besondere bekwame leiding in die Kerk

3. Br. Koos Opperman bedank die personeel van Constantia Minerale

Bron vir hulle diens gelewer aan die Sinode. Ook Rondalia wo·
bedank.

4. Ds AP Viljoen bedank die afgevaardigde ouderlinge en diakens v:
hulle bydrae gelewer aan die sinode.

5. Die skriba spreek die dank uit van die sinode teenoor di·
administratiewe personeel onder leiding van mev E Rautenbach v
hulle opofferende diens, soms tot laatnag. Die personeel i.
Joey Jonker, Isabel Stapelberg, Merinda Vermeulen, Ria McDona.
Irene Groenewald, Lida Venter, Yvonne Hansen, Cornelia Coetz
Lettie Krugel, Marthie Klein, Elna Wessels, en Elsabe Roodt.

Hy bedank ook die notulekommissie wat onder die onvermoeide leidi
van ds LD Pienaar voortreflike diens gelewer het.

6. Die Aktuarius bedank die lede van die regskommissie en d·
KVK lede vir hulle aandeel aan die daarstelling van die Sinode.

123. AFSLUITING

Ds Johan Theron neem die afsluiting waar. Hy laat sing Ps. 23:1 e.
lees Job 39:34-38 en 42:2-6.

Daarna sluit hy met gebed en die Sinode sing as slotgebed Ges. 294.

Die Sinode verdaag om 16h15.

# NAME VAN AFGEVAARDIGDES

(Die letter "T" dui
teenwoordigh. aan

| GEMEENTE | NAAM | |
|---|---|---|
| ALFA (BOSFOORT) | Ds. M. Hartzenberg | |
| | Oudl. OBJ Smith | |
| | Oudl. JSJ Pienaar (Sec) | |
| ALGOA | Oudl. F Wagener | |
| | Oudl. FJ von Caues (Sec) | |
| | Dial. H Olckers | |
| ARNOT | Oudl. BJ Kruger | |
| | Dial. MH van der Merwe | T |
| BARBERTON | Oudl. WHM Kotze | |
| | Dial. DJ Muller | |
| BEAUFORT WES | Oudl. L. van Vuuren | |
| | Oudl. PE Oosthuizen (Sec) | |
| | Oudl. CJ Matthee | |
| BELFAST | Ds. A. Boshoff | |
| | Oudl. JW Stroebel | |
| | Dial. CJ Snyman | |
| BENONI | Ds. MC Adendorff | |
| | Oudl. WJ van Heerden (Sec) | T |
| | Oudl. LJL Visser | - |
| BETHLEHEM | Ds. JH Engelbrecht | |
| | Oudl. WD Cronje | |
| | Oudl. S Fossouw (Sec | |
| | Oudl. J Oberholzer (Oudl) | |
| | Oudl. H Shields (Sec) | |
| BIESIESVLEI | Ds. HCS Robbertze | |
| | Oudl. AW Peters | |
| | Oudl. HF Scheepers (Sec) | |
| | Oudl. JD van den Heever | |
| | Oudl. WS Conradie | |
| BLOEMFONTEIN | Ds. JN Joubert | T |
| | Oudl. PW de Vos | T |
| | Oudl. JF Jordaan | T |
| BOSRAND | Oudl. MJ Fourie | T |
| | Oudl. TL le Roux (Sec) | |
| | Oudl. JC Botha | |

| | |
|---|---|
| BOSVELD (Potgietersrus) | Ds. WA Jooste<br>Oudl. SJ van de Lith<br>Oudl. JJ Pretorius (Se.<br>Oudl. FH Boltman<br>Oudl. HB van der Walt (S |
| BRAKPAN | Ds. MC Adendorff<br>Oudl. HR Lemmer<br>Oudl. M Marais (Sec)<br>Oudl. A Gertenbach |
| BRANDFORT | Oudl. W van Dyck<br>Oudl. L Pieterse (Sec)<br>Oudl. JCJ Cronje<br>Oudl. W Auret (Sec) |
| BRITS | Oudl. FWA Danzfuss<br>Oudl. HN Venter (Sec)<br>Oudl. JF Botha<br>Oudl. PF Koelemoer (Sec |
| BRONKHORSTSPRUIT | Oudl. CA Keyter<br>Oudl. WJ van Vuuren |
| BUHRMANSDRIF | Ds. DR Schwartz<br>Oudl. HM Heyns<br>Diak. AL Ueckermann |
| CAROLINA | Oudl. OT van Niekerk<br>Diak. CC Oosthuizen |
| COLIGNY | Ds. S. Botha<br>Oudl. AHF Louw<br>Oudl. AP Viljoen (Sec<br>Oudl. JF de Beer<br>Oudl. FS Jooste (Sec) |
| CORNELIA | Ds. JH Theron<br>Oudl. HFG Terblanche<br>Oudl. FS Kruger (Sec)<br>Diak. AI Wessels<br>Diak. JJJ van Rooyen |
| CULLINAN RAYTON | Oudl. JJ Prinsloo<br>Diak. EM Rooot |
| DENDRON | Ds. AP Viljoen<br>Oudl. FJ Becker<br>Oudl. JJP Haasbroek<br>Oudl. JMH Grobler (Sec)<br>Diak. CT v/d Merwe (Sec) |

DERBY

Ds. JA Visser
Oudl. JW van der Ryst
Oudl. JF Bosman
Dial. NM La Cock (Sec)
Dial. L. Ueckerman (Sec)

DOUGLAS

Oudl. GL Bruwer
Oudl. J Faber (Sec)
Dial. RJM Faber
Dial. M de Bruyn

ERMELO

Ds. OD Scheuer
Oudl. GH Muller
Oudl. FD Kemp (Sec)
Diak. CT Rabie
Diak. JA Moolman (Sec)

FICKSBURG

Oudl. JF Wessels
Oudl. PF Pieterse

FRANKFORT

Oudl. GFJ Raubenheimer
Dial. DW Steyn

GEORGE

Oudl. WB Snyman
Diak. DJ Visser

GERMISTON

Ds. MC Adendorff
Oudl. FJ Swart
Oudl. AF v/d Nest (Sec)
Oudl. FJ Deller
Oudl. PA Pretorius (Sec)

GLENCOE-DUNDEE

Oudl. LJ Cronje
Oudl. L. Jezaijes

[illegible]

Ds. LH Jacobs
Oudl. GJ Sevenster
Oudl. JF van Wyk (Sec)
Oudl. FJ du Preez
Oudl. JJ Steenkamp (Sec)

GROBLERSDAL

Oudl. CEJ Niehaus
Oudl. DJ van Rensburg (Sec
Oudl. IF Claassen
Oudl JG Luus (Sec)

GROOT MARICO

Ds. DR Schwartz
Oudl. LF Botha
Oudl. GJL Grobler (Sec)
Oudl. GJH Nel
Oudl. F. Fouche (Sec)

GROTER DURBAN

Oudl. JN de Wet
Diak. AJ J.van Rensburg

| | | |
|---|---|---|
| HARRISMITH | Oudl. DJ Venter | |
| | Oudl. JIJ Bosch (Sec) | |
| | Diak. BJ Nel | |
| HEIDELBERG | Ds. JM Rheeder | |
| | Oudl. AJA van Niekerk | |
| HEILBRON | Ds. JH Theron | |
| | Oudl. AL Els | |
| | Oudl. AJ v Jaarsveld (Sec) | |
| | Oudl. WJ van Zyl (Sec) | |
| | Diak. G Underhay | |
| HENNENMAN | Oudl. GG Vosloo | |
| HOEVELDRIF | Oudl. IZ Bester | |
| | Diak. A v/d Westhuizen | |
| | Diak. WJ Visser | T |
| KATHU | Ds. FG Stans | T |
| | Oudl. J Welthagen | - |
| KEMPTON PARK | Ds. MC Adendorff | |
| | Oudl. G Stassen | |
| | Oudl. TFH J.vRensburg | |
| | Diak. GJ Kersop (Sec) | |
| | Diak. H Pienaar (Sec) | |
| KIMBERLEY | Oudl. DS Swiegers | |
| | Oudl. GJ Viktor | |
| KLERKSDORP | Ds. AS van Staden | T |
| | Oudl. DG v/d Merwe | T |
| | Oudl. TL Fourie | - |
| KROONSTAD | Oudl. JH Homan | |
| LAEVELD | Oudl. GJ Bosman | - |
| | Oudl. JB Thom (Sec) | |
| | Oudl. H. Fritzinger | - |
| LICHTENBURG | Ds. HCG Robbertze | - |
| | Oudl. MC Mostert | - |
| | Oudl. GJ Nel (Sec) | |
| | Oudl. SS Beyers | T |
| | Oudl. MJ Oberholzer (Sec) | |
| LINDEN | Ds. CFW Snyman | T |
| | Oudl. HJ Claasen | T |
| | Oudl. FI du Preez | T |
| LOUIS TRICHARDT | Oudl. SA Botha | |
| | Oudl. WJ Wolvaardt (Sec) | T |
| | Diak. BF Prins | T |
| | Diak. CJ Wolvaardt (Sec) | |

| | | |
|---|---|---|
| LOUWNA | Oudl. FFA Hayward | T |
| | Oudl. HC Strydom (Sec) | |
| | Oudl. AF Celliers | T |
| MARBLE HALL | Ds. WA Burger | T |
| | Oudl . CJ van Helsdingen | T |
| | Oudl. FJ Potgieter | T |
| MEMEL | Oudl. JH van Niekerk | T |
| | Oudl. F. Rautenbach(Sec) | |
| | Oudl. J de Jager | T |
| | Diak. JK Willemse | |
| MIDDELBURG (Tvl) | Ds. A. Boshoff | T |
| | Oudl. AT le Roux | T |
| | Oudl.JC Schabort (Sec) | |
| | Oudl. JM Badenhorst | T |
| | Oudl. WC Beneke (Sec) | T |
| MIG[illegible] | Oudl. CH White | |
| | Oudl. FJ de Klerk(Sec) | T |
| | Oudl. GE Smith | T |
| | Oudl. JJM van Zyl (Sec) | |
| MOLOPO | Oudl. MD Jones | T |
| | Oudl. M du Preez | |
| MOOINOOI | Oudl. DR Schoeman | T |
| | Oudl.JM van Rooyen (Sec) | |
| | Oudl. FH Kuhne | T |
| MOOT-SENTRAAL | Ds. NJ Rautenbach | T |
| | Oudl. IC Holtzhausen | T |
| | Oudl. FJ Naude (Sec) | |
| | Oudl. JJ Joubert | T |
| | Oudl. FJ Smit(Sec) | |
| MORG[illegible]ZON | Oudl. WM van Heerden | T |
| | Diak. FF Bruwer | |
| [illegible] | Ds. W. Jooste | T |
| | Oudl. JC Pretorius | T |
| | Oudl. T. van Rooyen(Sec) | |
| | Diak. F. Swanepoel | T |
| | Diak. J. Kleynhans (Sec) | |
| EWCASTLE | Oudl. PA Vermeulen | T |
| | Oudl. JvanS Erasmus (Sec) | |
| | Diak. JG Olivier | T |
| | Oudl. JD Beeslaar(Sec) | |
| IGEL | Oudl. DJB de Witt | T |
| | Oudl.RW Schroeder(Sec) | |
| | Oudl. WJ Pretorius | T |
| | Oudl. JFWT Schonken(Sec) | |

| | | |
|---|---|---|
| OLIFANTSHOEK | Ds. PG Stans | T |
| | Oudl. JJC Reitz | T |
| | Oudl. JGD Lamprecht | |
| OUDTSHOORN | Oudl. JE Swarts | |
| | Diak. E Serfontein | |
| PAARL | Ds. AE van den Berg | |
| | Oudl. DA Malan | |
| | Oudl. P.Serfontein(Sec | |
| PAROW | Oudl. HF Theron | |
| PERDEKOP | Oudl. PA Combrinck | |
| | Diak. MW Combrinck | |
| PHALABORWA | Ds. LD Pienaar | |
| | Oudl. D Drent | |
| | Diak. AHJ Delport | |
| | Oud. AHJ Delport | |
| POTCHEFSTROOM | Ds. JA du Plessis | |
| | Oudl.JJ Swart | |
| | Oudl. G Vosloo | |
| | Diak. GM Ludick Sec) | |
| PRIMROSE | Ds. MC Adendorff | |
| | Oudl. GG Luttig | |
| | Oudl. CJ Kruger (Sec) | |
| | Oudl. HE Beeslaar | T |
| | Oudl. JHB Pick (Sec) | |
| PIETERSBURG | Ds. AS van Jaarsveld | |
| | Oudl. G van der Merwe | |
| | Oudl. JSJ Pieterse | |
| RANDFONTEIN | Ds. CFW Snyman | |
| | Oudl. JA du Plessis | T |
| | DJL Swanepoel | T |
| REIVILO | Diak. H de J du Plessis | T |
| | Diak. HS Flemming (Sec) | |
| | Diak. HS Pretorius(Sec) | |
| RIVERSDAL | Oudl. SJ Gous | T |
| | Diak. E. Gous | T |
| ROEDTAN | Ds. WA Jooste | T |
| | Oudl. JJG Potgieter | T |
| | Oudl. JA Joubert (Sec) | |
| | Diak. GES Leversage | |
| | Diak. WF Coetzee(Sec) | T |

RODDEPOORT

Ds. CFW Snyman
Oudl. SM de Bruyn
Oudl. RJ Feulder (Sec)
Oudl. CM Janeke
Oudl. JJ Bronkhorst (Sec

RUSTENBURG

Oudl. FJL Steyn
Oudl. BA Hoppers(Sec)
Oudl. FWC Buitendag
Oudl. GL de Jager (Sec)

SANNIESHOF

Ds. W Hartzenberg
Oudl. NS Bodenstein

SASOLBURG

Ds.JM Rheeder
Oudl. FW Jooste
Diak. EB Kruger

SENEKAL

Ds. J. Engelbrecht
Oudl. PJ v Huyssteen
Oudl. FE Oosthuizen
Oudl. PM du Buisson(Sec)

SCHWEIZER-RENEKE

Oudl. PT Nieuwoudt
Oudl. J Wessels

SOMERSET OOS

Oudl. SS Roelofse

STELLENBOSCH

Oudl. GJC Posthumus
Oudl. NJA Smit (Sec)
Oudl. JSM Marais (Sec)
Oudl. WC Viljoen

[illegible]

Ds. ML Swart
Oudl. IF Bilgnaut
Oudl. M. Beller (Sec)
Dial. MD Fourie
Dial. H. Steyn

THABAZIMBI

Ds. FL Storm
Oudl. DA van Schalkwyk
Oudl. HJ Bootha

TUINPLAAS

Oudl. EF Potgieter
Oudl. LJF Joubert (Sec)
Dial. CJ Ludik
Diak. PR Pretorius

TWEELING

Oudl. LG Rautenbach
Oudl. CF Braack
Oudl. JMLE Kotze (Sec)
Dial. NPJ Benele

| | | |
|---|---|---|
| TZANEEN | Ds. LD Pienaar | |
| | Oudl. JM Fourie | T |
| | Oudl. SW v/d Merwe (Sec) | |
| | Oudl. IM van Eck | - |
| VAALHARTS NOORD | Oudl. FC Els | |
| | Oudl. JR Nagel (Sec) | |
| | Diak. JAR Potgieter | |
| | Diak. GJ Lubbe (Sec) | |
| VAALHARTS SUID | Oudl. BF Barnard | |
| | Diak. FJF de la Rey | |
| VANDERBIJLPARK | Ds. JM Rheeder | |
| | Oudl. MF Taute | |
| VENTERSDORP | Ds. CJS Botha | T |
| | Oudl. WSF Geldenhuys | |
| | Oudl. JL Erasmus | |
| | Oudl. LJ Krouwkamp | |
| | Oudl. B. Marais (Sec) | |
| VEREENIGING | Ds. JM Rheeder | |
| | Oudl. MF Taute | |
| VERKEERDEVLEI | Oudl. CJ Roux | |
| | Oudl. JA Victor (Sec) | |
| | Diak. DC Human | |
| | Diak. JG Roux | |
| VERWOERDBURG | Ds. NJ Rautenbach | T |
| | Oudl. SF Vermeulen | T |
| | Oudl. GAJ Botha (Sec) | |
| | Oudl. JS Coetzee | |
| | Oudl. IJJ Jonker (Sec) | |
| VILJOENSKROON | Oudl. JCL Botha | |
| | Oudl. SA Pretorius (Sec | |
| | Diak. GTC van Rooyen | - |
| VILLIERS | Ds. J Theron | |
| | Oudl. JA Hartman | - |
| | Oudl. PJ Erasmus (Sec) | |
| | Oudl. I Hattingh | T |
| | Oudl. CJH v Heerden (Sec) | |
| VREDE | Oudl. JJ Brits | T |
| | Oudl. JH de Kock (Sec.) | |
| | Oudl. LM Theunissen | T |
| | Oudl. JH Kritzinger (Sec) | |
| VRYBURG | Oudl. MJ Hough | T |
| | Diak. WJC Groenewald | T |
| VRYHEID | Oudl. JL Erasmus | |

| | | |
|---|---|---|
| JARDEN | Oudl. J du Plooy | T |
| ARMBAD | Oudl. JD Balt | T |
| | Oudl. DW Hoffman (Sec) | |
| | Oudl. JJSM van Niekerk | T |
| | Dial. HC Jordaan | |
| | Dial. BJ van Wyl (Sec) | T |
| ATERBERG | Oudl. AJ Pienaar | T |
| | Oudl. JN Boshoff (Sec) | |
| | Oudl. BC Gildenhuys (Sec) | |
| | Dial. NG Olivier | T |
| | Dial. CJ vd Walt (Sec) | |
| ILVERDIEND | Oudl. JM de Beer | T |
| | Dial. J. Durant | |
| | Oudl. BJ Badenhorst | |
| | Oudl. CJ Olivier (Sec) | |
| | Dial. CJ Olvier (Sec) | |
| BANK | Oudl. CJ Pienaar | T |
| | Dial. GS Mare | T |
| TRIVIER | Oudl. WLV Fick | T |
| | Oudl. GA Morgan | T |
| RUST | Ds. DR Schwartz | T |
| | Oudl. HF van der Merwe | T |
| | Dial. FS Snyman | |
| V K LEDE | Ds. E Friis | T |
| | J de Bruyn | T |
| | Ds. JD Malan | T |
| | Ds. CJ Prins | T |
| | JCI Opperman | T |
| | Prof. A Swart | T |
| | JG Terblanche | T |
| | Dr. J Pretorius | T |
| | Ds. WJG Lubbe | T |
| | HCS Bester | T |
| | WF Murray | T |
| | Mev. ME Roos | T |
| | CC du Preez | T |
| | CJ de la Rey | T |
| | HJ Olivier | T |
| | SJ Bester | T |
| | JJ Prinsloo | T |

# OPENINGSREDE: EERSTE SINODESITTING VAN AFK

Sing : Ges. 10: 1,2,3 Ges. 190: 1-5

Lees : Gen. 2:7;
1 Kor 7 : 23; Rom 14:12

Br. Voorsitter, Brs. en Suster in die Here,

Dis vir my 'n groot eer en 'n unieke voorreg om 'n openingswoord tot u te rig by ons AFK se heel eerste Sinodesitting. As ek vanaand 'n gedenksteen moet oprig, noem ek dit Ebenhaezer - tot hiertoe het die Here ons gehelp. Want wie het kon dink dat een jaar na die eerste byeenkoms van beswaarde lidmate in die Louis Leipoldt Laerskool, Verwoerdburg, die destydse beswaardes in hulle eerste Sinodesitting sou byeenkom - sonder besware! Wie sou kon voorspel dat 4 maande na die stigting van die eerste gemeente, 113 gemeentes sou byeenkom vir 'n vergadering van gemeentes? Wie sou kon se dat binne 4 maande die AFK reeds sowat 8 000 belydende lidmate en reeds meer as 4 000 dooplidmate sou he? Dat daar reeds 715 ouderlinge en reeds byna 700 diakens bevestig is? Dat ons vandag reeds 30 leraars sou he?
Maar nog belangriker as getalle van gemeentes, lidmate, kerkraadslede en leraars, is 'n nuwe vreugde wat soos 'n fontein onder ons kerkmense opgespring het :

vreugde in saamwees voor die Here, verligting na die bevryding van spanning en besware, blymoedigheid by die werksaamheid en offers in die gemeente, hartlikheid by die samewerking in die gemeente, vrede en geluk by die toewyding aan die Here. Die getuienis is algemeen : 'n geestelike fontein het onder ons oopgegaan - 'n fontein van die Heilige Gees wat ons harte laat oorloop van vreugde en geluk en wat vir ons 'n nuwe vrede bring.

Ons dank God vanaand vir so 'n verruimende en verrukklike belewenis. Mag Gods Gees die belewenis bestendig in ons lewens: in ons persoonlike en in ons Gemeentelike lewe.

Dis vir my, en ek glo vir alle afgevaardigdes van die kerke, 'n besondere voorreg om die Susters van ons Susterskonferensie wat gelyktydig met die Sinode gehou word, hierby ons [illegible] teenwoordig te he. Aan hulle almal 'n baie besondere welkom! Nie die KV nie, ook nie predikante of kerkraadslede nie maar die susters self het vir hierdie konferensie gevra. En dit het spontaan van vele kante gekom, en dadelik aan ons voorbereidings, soos aan ons samekoms vanaand, 'n nuwe karakter gegee. Ek mag se : 'n kleurryker voorkoms en geuriger samekoms. Die susters se spontane versoek - ons wil graag 'n susterskonferensie gelyktydig met die Sinode he - was nog 'n blyk van die spontane geesdrif wat deur ons gemeentes spoel. Dit was ook die wens van die susters dat die amptelike opening van die Sinode tegelyk hulle amptelike opening sou wees. En die KV het graag aan die susters se spontane wens voldoen. Mag die openingsgeleentheid vir ons almal 'n heerlike ondervinding wees - juis omdat wat gesamentlik in die gemeentes aangepak word, vanaand en in die volgende dae hier uitmond in gesamentlike beraadslaging.

Ek kan u die hele aand besighou met die sigbare tekens v die nuwe vreugde in ons kerk. Maar ek wil graag die onsigbar ige aanraak wat agter die sigbare lê - enkele grondwaarhede die gelowige, die enkele siel, grondwaarhede wat God ons in s oord leer en wat ons nooit mag vergeet of mag geringskat nie.

Ek wil kortliks u aandag vra vir die waarde, die vryheid e die verantwoordelikheid van elke mensesiel soos gods woord dit . ons voorhou. In die tyd tot my beskikking, sal u begryp, kan egs 'n paar hooflyne trek - van 'n uitputtende behandeling nie sprake wees nie.

1. DIE WAARDE VAN 'N SIEL

Die siel het sy oorsprong in God self. God het "in s us die asem van die lewe geblaas. So het dan die men lewende siel geword." (Gen. 2:7) En na die sonde het God self die prys - te hoog vir mens of engel - verslaf om die mens se siel vir God terug te koop. Die prys was niks en niemand minder as Gods Seun nie. Hy word mens om as skuldlose mens, onderst deur sy Godheid, die mensesiel se skuld voor God te betaal. "Julle is duur gekoop" (Rom 6:20) Met die gelykenisse van die afgedwaalde skaap en die verlore penning het Jesus self die onmisbaarheid van 'n enkele siel bellemtoon: "Blydskap in die hemel oor een sond wat hom bekeer" (Luk 15 7-10). Die siel is al wat in die mens onsterflik is; dis die kosbaarste van die mens : die skatte van die aarde kan een siel nie . nie "Want wat baat dit 'n mens dat hy die hele wereld , maar aan sy siel skade ly. Of wat sal 'n mens gee a losprys vir sy siel? (Matt. 16:26

2. DIE VRYHEID VAN DIE SIEL

"Julle is vrygekoop en die prys is betaal, moet dan n slawe van mense wees nie" (1 Kor. 7:23). Die mens wa slaaf van Satan en sonde maar is deur die krag van Christus bevry - om God te dien.

Christus het die mens kom vrymaak -
- vry van veroordeling (Hy dra dit)
- vry van die wet (Hy vervul dit)
- vry van die mag van Satan (Hy oorwin hom)
- vry van alle oormatige onderworpenheid aan mense (Christus is die Heer!)

Ons vrygemaaktes se ware vryheid lê in ons gehoorsaamheid a God. Die ware lewe in ware vryheid :

- lewe by God
- lewe vir God
- lewe in gehoorsaamheid aan God.

"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet - de vir ons 'n vloek te word (Gal. 3:13)

"Met u bloed het u mense vrygekoop vir God " (Openb. 5:9)

En omdat ons "duur gekoop" is (Rom 6:20) se ons NGB Art. dan ook : "Ons verwerp alle menslike uitdinksels en menslike ... tte waarmee mense (ander) mense se gewetens wil dwing en bind."

DIE SIEL SE VERANTWOORDELIKHEID

"Elkeen sal vir homself (oor homself - NAV) rekenskap gee a... (Rom 14:12) God benader Hom met elke siel afsonderlik - ... staan voor God en sal voor God staan. Herhaaldelik wys die ... op die enkeling se verantwoordelikheid jeens God . "Moenie ... vryheid misbruik nie" (Gal. 5:13) moet ook nie met jou vryheid ... ander mens laat struikel nie - se Paulus . Verantwoordelik ... voor God - vir homself, ook t.o.v. andere. "Gebruik julle vryheid om God te dien, nie as dekmantel om kwaad te doen nie " (1 ... 2:16)

Vryheid - Godgegewe vryheid - om God te dien.

Vryheid - om dankbaarheid jeens God te bewys.

Vryheiod - om oor my dankoffers aan God te besluit

Vryheid - om oor my lidmaatskap van 'n kerk te besluit

Vryheid - met die verantwoordelikheid van rekenskap voor God

Die AFI het van meet af sy strewe gemaak : om die siel te p... aan sy regmatige vryheid, te help om sy vryheid ... verantwoordelikheid te gebruik- om nie tussen 'n siel en sy God wat hom vrygemaak het, te kom staan nie. Ons is as Sinode byeen nie om aan mekaar voor te skryf nie ; nie om mekaar se vryheid te belemmer nie maar te help lei tot vrye dankbaarheid aan God. Ons ... beraad - tot almal se voordeel om almal se vryheid en ... verantwoordelikheid.

# GEMEENSKAP MET CHRISTUS EN MET MEKAAR

(Preek van Ds. O D Scheuer by die Nagmaalviering op 3 November 1987, tydens die eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk)

SKRIFLESING: 1 Kor. 10:14-22
TEKS: 1 Kor. 10:16,17

"Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

Geliefde broers en susters,

Met die instelling van die Nagmaal het die Here Jesus een doel gehad: Dat daar gemeenskap sal wees. Met dié heilige maaltyd het Hy voorsiening gemaak dat in sy kerk, daar altyd met Hom, die Hoof, gemeenskap sal wees, en ook onder sy volgelinge as lede van dieselfde liggaam. Gemeenskap beteken innige omgang met, en vereenselwiging, met Hom en met mekaar. Die basis van alle gemeenskap is eenheid. Sonder eenheid van hart is ware gemeenskap nie moontlik nie. Ons kan nie gemeenskap met die Hoof, Christus, hê sonder vereenselwiging met Hom nie, en ons kan nie met mede gelowiges gemeenskap hê sonder die heelhartige onderlinge verbondenheid nie.
Dit is wat die Nagmaal beteken.

## 1. DIE GEMEENSKAP MET DIE HERE JESUS CHRISTUS

Hy praat met ons deur Sy Woord en ons gaan in Sy Naam, in gebed na die Vader. Ons verkeer in stille omgang met Hom en Hy vervul ons lewe met Sy Heilige Gees. In dié omgang kom ons altyd naderby aan hom. So kom die warme en innige omgang tot stand, in woorde nie te beskryf nie, met die Here Jesus Christus. En dié gemeenskap met die lewende Here is net so werklik as wat dit sou gewees het as Hy nog op aarde onder ons sou verkeer het.
Ken u hierdie gemeenskap met God die Vader en met die Seun, deur Sy Heilige Gees?
"Bly in My, soos Ek in julle, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh. 15:4,5)

Gemeenskap met Jesus Christus beteken ook dat ons deel kry aan Sy gedagtes en Sy Goddelike plan en ewige vooruitsig. Dit wat Hom behaag het, word ook ons behae. Wat Hom bedroef, word ook vir ons 'n skande. Hy het gekom om die Vader te verheerlik, en Hy herskep ons lewe om ook met versugtinge te bid: "Abba, Vader!" Die verbondenheid aan Hom deur Sy woorde en gedagtes, sy lewensuitkyk en die doel van sy koms, bring ons in die ware gemeenskap met Jesus self.

Dan het ons ook deel aan Christus in ons emosionele ervaringe. Waar Hy met die sonde in aanraking gekom het, het dit by Hom 'n heilige weersin en afkeer gewek, maar ook 'n ontferming oor die sondaar. So word gelowiges ook met 'n afsku vervul waar ons met die aakligheid van die sonde te doen kry, byvoorbeeld die misbruik van Sy Naam. Kan u ook trane stort oor ruwe, verlore sondaars, soos Jesus dit gedoen het toe Hy geween het oor Jerusalem? In ons ywer vir God, in ons walging aan die sonde, in ons weerstand teen die valsheid, in ons bewoënheid oor die verlorenes, só het ons gemeenskap met Jesus Christus.

Maar ook as vruodraers moet ons sy dissipels wees. Het u dit al moeilik gevind om 'n geestelik blinde mens van die waarheid te oortuig? Het u al met baie moeite probeer om 'n verlorene of afvallige terug te bring? Dan is u in die gemeenskap met die Goeie Herder wat dié een verlore skaap gaan soek en as Hy dit gevind het, op sy skouers terugbring. Hy het rondgegaan en oral goed gedoen en die vrede van God gebring. As u daarvoor leef om ander mense te help, dan het u gemeenskap met die groot Helper en Vredemaker.

By die graf van Lasarus het Jesus geween. Hy was ook bedroef toe die ryk jongman wat na Hom gekom het, weer na die wêreld omgedraai het. Dié wat met gevoelige harte leef vir ander mense, het ook deel aan die ondervindinge van die Man van Smarte.

Maar ons kry ook deel aan die ware vreugde wat Jesus geken het. Blydskap was daar toe Hy sy dissipels geroep het, waar Hy vergifnis van sonde kon uitspreek, waar Hy die siekes kon genees, waar Hy die verlorenes kon terugvind. Al sy werk was vir Hom tot groot vreugde. Terwille van die vreugde wat vir Hom voorgehou is, het Hy die kruis verdra en die skande verag (Heb. 12:2).

Ons kan vanaand deel hê aan die maaltyd wat Hy vir ons ingestel het. Ons gemeenskap met Hom bereik sy hoogtepunt by die tafel met wyn en brood. Hy wat hierdie brood eet en hierdie wyn drink en dit opgeneem word in die liggaam, hy het die goeie deel gekies wat van hom nie weggeneem sal word nie. (Luk. 10:42) "Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee." (Joh. 6:51).

## DIE GEMEENSKAP MET MEKAAR

Sonder 'n geestelike eenheid kan daar nie ware gemeenskap onder ons wees nie. Oor die groot geloofswaarhede is ons dit eens met mekaar. In ons gedagtes oor God die Vader en sy Seun Jesus Christus, oor heiligheid en oor sonde, moet daar die ooreenstemming wees. Dié word in ons gevoed deur die Woord en lewend gemaak deur die Heilige Gees. Dit is dieselfde Gees wat in almal werk en daarom verskil die ware gelowiges nie van mekaar nie. So kom daar harmonie en 'n eenheid in die gemeenskaplike geestelike lewe. As ons praat oor die Here se Woord en as ons saam bid, dan stem ons saam.

..../3

"As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly." (1Kor. 12:26) Nêrens anders bestaan daar so 'n hegte verbondenheid onder mense as dié onder gelowiges wat één is in Christus nie.
Ons het ook gemeenskap met mekaar in ons <u>arbeid vir die Here.</u> Ons staan saam vir die kerk van Christus in die verkondiging en bewaring en opbou en uitbreiding. Ons lewensroeping moet dieselfde wees: Om medewerkers van God en van mekaar te wees.
Daar moet net één verlange wees: "Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde." Daar is ook <u>dieselfde stryd</u> teen die sonde. Soms vertel 'n jong gelowige van sy stryd teen versoekinge, dan weet jy dit was ook my stryd. Ons is ook saam in 'n gemeenskaplike <u>lyding.</u> "Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus" (Gal. 6:2) Maar ook 'n gemeenskaplike <u>vreugde:</u> "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby." (Fil. 4:4,5)

Ons is vanaand bevoorreg om saam te wees by die <u>eerste Nagmaalviering</u> as Sinode en as Susterverenig-ing.
"Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood." Die Nagmaal-formulier het dit so mooi gestel: "Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, een liggaam wees."
Wat ons die afgelope vier maande bevoorreg was om mee te maak, was niks anders as 'n wonder van God nie. Ten minste 'n deel van die Afrikanervolk het die Here en sy kerk nog lief en sal groot offers bring. Van oral oor kom die getuienis van die belewenis van nuwe lewe, en warmte en hartlikheid en eensgesindheid. Een broer het in Julie al gesê: Ons is nie meer "beswaar-des" nie, ons is nou "juigendes". Oral word die struikelblokke in die weg gelê en dikwels veroordeling ervaar en tog het die hindernisse nie die ywer en liefde en eensgesindheid kon uitblus nie, want dit kom van die Here. Mag ons Nagmaalviering en die hele Sinode in dieselfde gees plaasvind. Waar ons deel het aan die liggaam en bloed van Christus, is ons sy liggaam. En omdat dit één brood is en één wyn en drank is, is ons ook <u>één liggaam.</u> As daar groot stryd en 'n verskeurende verdeeldheid sou wees, dan is dit duiwels-werk, en "julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en aan die tafel van die duiwels nie".

....../4

Verkry vanaand in stilte hierdie versekering vir uself:
Hier is ek saam met die ander verloste kinders van die Here. Ek is so dankbaar dat ek ook een van hulle kan wees.
Want "almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo." (Joh. 1:12) En: "Ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe". (2 Tim. 1:12)
En, hier is ek saam met ander kinders van die Here wat 'n stryd deurgemaak het. Ek is so dankbaar dat ook ek 'n offer kon bring vir die Here Jesus, vir sy saak, en vir sy kerk. En, hier is ek saam met baie ander wat vrygemaak is om weer vreugde te vind in sy diens en in die aanbidding voor die Here. Skenk ook aan my dié heerlike vreugde.
En as daar nog 'n verkeerde gesindheid is, Hy wat harte verander sal ook my hart verander sodat ek met Hom en met al die ander broers en susters, ware gemeenskap kan hê.

Die dissipels wat in die oppersaal saam aan tafel met Jesus was, was na die Pinksterdag, nooit weer sonder Sy teenwoordigheid nie.
Só kan dit ook vir ons wees in ons lewe en groei as kerk en by hierdie Nagmaal, dat dit vir ons 'n stukkie van die hemel op aarde is, en 'n voorbereiding vir die hemel daarbo.

AMEN.